# God se verbondshandeling met Sy Volk.
**(‘n Opsomming van wat Abrakel daaroor leer.)**

Cobus Rossouw[1]

[1] Cobus Rossouw is predikant van die Gereformeerde Kerk Daspoort, Pretoria.

## Inhoud.

**Hoofstuk VI – Van het verbond der verlossing tusschen God den Vader en God den Zoon over de uitverkorenen; of van den Raad des vredes.** 2

1. Inleiding. 2
2. Die partye in die Verbond. 2
3. Die persone vir wie, of tot wie se nut hierdie verbond gemaak is. 3
4. Die bewyse dat daar wel so 'n Verbond tussen die HERE en Jesus Christus gemaak is. 3
5. Die werk van die Vader in die Verbond van verlossing. 5
6. Die werk van die Seun in die Verbond van verlossing. 6
7. Gevolgtrekking – Die kennis van hierdie verbond is tot groot nut. 7

**Hoofstuk XVI – Van het verbond der Genade.** 9

1. Inleiding. 9
2. Die Partye wat in die Verbond saamkom en verenig. 12
3. Die kondissies, voorwaardes of beloftes van die Verbond. 13
4. In die Verbond van Genade is dit nodig dat daar 'n Borg en Middelaar moet wees. 18
5. Die vorm en wese van die Verbond van Genade. 18
6. Die doel of 'einde' (telos) van die Verbond van genade. 18
7. Die eienskappe van die Verbond. 19
8. Die sakramente van die Verbond van genade. 20
9. Redes waarom vele mense die Verbond van genade nie ingaan nie. 21
10. Opwekking om in het Verbond over te gaan. 21
11. Vermaning voor degenen, die overgegaan zijn. 22
12. Nou dat die Verbond van genade behandel is word daar nou twee vrae behandel. 22

**My gevolgtrekking. – Ek stel voor dat mens hier begin lees.** 28

1. Verlossingsverbond. 28
2. Genadeverbond. 30
3. Slot. 37

## Hoofstuk VII
## Van het verbond der verlossing tusschen God den vader en God den Zoon over de uitverkorenen; of van den Raad des vredes.

1. **Inleiding (bl 206).**
   In die vorige hoofstuk is die ewige verordinering van alles en in die besonder die eindbestemming van die mens behandel. In hierdie hoofstuk word daar nou oor gegaan tot die oordenking van die verbond van verlossing. Die eerste Hervormers en die eerste skrywers na hulle het met groot en heilige ontsag oor hierdie onderwerp geskryf en gespreek. Hier het mens dus te doen met 'n ou bekende waarheid in die kerk al wil sommiges voor gee dat dit iets nuuts is. Die volgende punte gaan dan in hierdie hoofstuk bespreek word:
   - Die partye in die verbond.
   - Die persone oor wie en tot wie se nut die verbond gemaak is.
   - Dat daar wel so 'n Verbond tussen die HERE en Jesus Christus gemaak is.
   - Die werk van die een party in die verbond – Die Vader.
   - Die werk van die ander party – Jesus Christus.
   - Die kennis van hierdie verbond is tot groot nut.

2. **Die partye in die Verbond (bl 206).**
   Die partye in die verbond is God die Vader en God die Seun – Jesus Christus. Dat daar so 'n verbond bestaan word deur ons beter verstaan as mens let op die konkretisering van hierdie verbond in die tyd – "zooals de Heere in de tijd uitvoert, zoo heeft Hij van het eeuwighijd besloten." Die volgende Skrif plekke wys dan vir mens op die bestaan van hierdie verbond tussen die Vader en die Seun, deur te wys op die konkretisering van die verbond van verlossing tussen Hulle:
   - 1 Pet 1:20 – "wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,"
   - Efes 1:4 – "soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,"
   - 2 Tim 1:9 – "wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is,"

   Uit hierdie verse leer mens dus dat almal wat Christus in die tyd ontmoet, dit doen omdat hulle in Christus van ewigheid af geken is – Op hierdie wyse word die verbond wat daar dan bestaan tussen die Vader en die Seun gekonkretiseer.

   *Hoe tusschen die, een verbond kan gemaakt worden (bl 207).*
   Volgens die verbond van verlossing het Christus dan van ewigheid af die taak om as borg op te tree vir die uitverkorenes. Dit doen Hy dan ook al reeds direk na die Sondeval. Maar daar kan nou die volgende vraag ontstaan – Is dit moontlik dat die Vader en die Seun in 'n verbond met mekaar kan staan? Die Twee is tog een, in wil en wese. Hier moet daar egter die verskillende persone in die drie eenheid in gedagte gehou word. Dan kan gesien word dat die 'een in wil' op die volgende manier na vore tree – "en als willende verlossen door den tweeden Persoon als

Borg, ‘twelk is de wil aan de zijde des Vaders, en als willende verlossen door Zich zelven als Borg, ‘twelk dan is de wil aan de Zijde des Zoons.”

3. **Die persone vir wie, of tot wie se nut hierdie verbond gemaak is (bl 207).**
Dit is die uitverkorenes. Die wat aan die Vader behoort en deur Hom aan die Seun gegee is – “Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar” (Joh 17:6). Daarom staan daar ook in Openbaring 21:27 dat hierdie mense se naam opgeskryf is in die *boek van die lewe van die Lam.* Die wat aan Jesus Christus gegee is het deur die heilige toelating van God deur hulle eie vrye wil in sonde geval en is van nature kinders van die toorn. In Sy groot genade gee God egter Sy uitverkorenes aan die Seun wat vir hulle as borg optree en in hulle plek God se regverdige eise nakom.

4. **Dat daar wel so ‘n Verbond tussen die HERE en Jesus Christus gemaak is, blyk uit die volgende (bl 207-210):**
   a. Psalm 89:28 – “Vir ewig sal Ek my goedertierenheid vir hom bewaar, en my verbond bly vir hom vas.” En Psalm 89:34 – “Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.” Dat hier van die verbond tussen God die Vader en Jesus Christus gepraat word blyk uit die vollgende: Dit is bekend dat in die Psalms veel van Jesus gespreek word en dat Dawid in vele opsigte ‘n voorbeeld van Jesus Christus was. As daar dan na hierdie Psalm gekyk word sien ‘n mens – (a) dat alles wat tot by vers 38 gesê word ook van toepassing is op Christus; (b) alles wat gesê word in die Psalm pas egter nie op Dawid nie. Dawid is immers nie die eersgeborene van die HERE nie (vers 28, vergl. ook Psalm 2:7), en nog minder het hy ‘n ewige ryk (vers 37).; (c) In die laaste deel van die Psalm – beginnende by vers 38 – word daar ‘n teenstelling gesien in die ryk van Dawid en die van Christus, bv. die ryk van Christus sal strek oor die hele aarde terwyl dit nie waar was van Dawid se ryk nie.; (d) Hierdie Psalm – vers 26-37 stem ooreen met 2 Sam 7:12-16. Dus mens het hier met die selfde geskiedenis te doen. En nou weet ons dat die NT uitdruklik leer dat die woorde van 2 Sam 7:12-16 op Christus dui (Hand 13:22 en Hebr 1:5). Daarom het mens bo alle twyfel in hierdie Psalm te doen met die Christus.[2]
   Saamgevat: alles in hierdie Psalm pas uitnemend op Christus. Alles pas egter nie op Dawid nie. Dit is dus duidelik, soos reeds gesê dat dit in hierdie Psalm oor Christus gaan, en daarom is die verbond in hierdie Psalm ter sprake, ‘n verbond tussen die Vader en die Seun.

   b. Sagaria 6:12-13 – “en sê vir hom dit: So spreek die HERE van die leërskare: Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou. Ja, Hy sal die tempel van die HERE bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan.” Wanneer hier staan dat ‘die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan’, word met ‘hulle twee’ die HERE en die Spruit bedoel. Dit sou dus verkeerd wees om ‘hulle twee’ as twee ampte te verstaan, te wete die koninklike en priesterlike amp. Dit sou

[2] uit bogenoemde kan gesien word watter ernstige gevolge die Skrifbeskouing wat deesdae heersend is in bv die 2001 omdigting van die Psalms.

verder verkeerd wees om ‘hulle twee’ op twee ampte van Jesus Christus te laat sien. Dit is wel waar dat die koninklike en priesterlike amp in Christus verenig, maar daar uit kan nog nie afgelei word dat ‘hulle twee’ op twee ampte van Jesus Christus dui nie, want: (a) Christus is een en hier word van twee gepraat. (b) Hier word ook nie van ampte gepraat nie maar van ‘heers’ en ‘priester wees’ (kyk ook na hierdie sin in die Heb). (c) Christus het drie ampte. Dus hier moes dan gestaan het ‘hulle drie’ as mens hier van ampte wil praat. (d) Tussen ampte kan daar nie raad pleging plaas vind nie. Dit blyk dus duidelik dat mens hier nie met ‘n koninklike en priesterlike amp te doen het nie maar wel met die HERE en die Spruit as daar van ‘hulle twee’ gepraat word. Verder moet mens dan opmerk dat die Spruit die HERE se tempel sal bou. Die HERE se tempel is Sy gemeente – die uitverkorenes – en die bouer van hierdie tempel, wat hier die Spruit genoem word, is Jesus Christus. Die hoedanighede wat Jesus Christus nodig het om die tempel te bou is om te ‘heers’ en ‘priester te wees’. As Hy die tempel bou is Hy egter besig om die werk wat die HERE Hom opgedra het uit te voer en daarvoor is daar onderlinge ooreenkoms en inwilliging nodig. Dus ‘n verbond.

c. Lukas 22:29 – “En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het.” Die werkwoord wat hier met ‘beskik’ vertaal is, is die woord ‘διατίθεμαι , *diatithemai*’. Hierdie woord beteken om iets aan iemand deur ‘n testament of verbond te beloof[3]. Dus, wanneer die Here Jesus hier sê dat Hy aan die dissipels ‘n koninkryk beskik, behels dit dat daar ‘n verbond bestaan en kragtens hierdie verbond besit Hy self die Koninkryk wat Hy beskik. So word dit ook uitdruklik in Galasiërs 3:16-17 gestel: “Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad. Hy sê nie: En aan die sade, asof dit op baie sien nie, maar op een: En aan jou saad, dit is Christus. Maar ek sê dít: die wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het, maak die verbond wat deur God in Christus vantevore bekragtig is, nie kragteloos om die belofte tot niet te maak nie.” – “Ziet daar verbond, ziet daar beloftenissen, en ziet daar, dat ze aan Christus geschied zijn, en dat het verbond op Christus bevestigd is. Zoo is er dan een verbond tusschen God en Christus.”

d. Dat daar ‘n verbond tussen die HERE en Christus bestaan blyk ook op die manier hoe Jesus Sy Vader aanspreek – Hy doen dit in verbondsterme. So word daar in Jeremia 31:33 gesê: “en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.” Dus, kragtens die verbond noem die wat in die verbond is God, hulle God. Op hierdie selfde wyse spreek ook Jesus vir God aan – “Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God” (Johannes 20:17).

e. Dat daar ‘n verbond tussen die HERE en Christus bestaan blyk ook daaruit dat Christus ‘n Borg genoem word. Hier kan mens maar net op Hebr 7:22 let – “in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword.” Niemand kan immers ‘n borg wees as daar nie ‘n verbond en kontrak tussen die skuldeiser en die borg van die skuldenaar bestaan nie. Dit behels dan verder dat die borg hom aan die skuldeiser tot betaling moet verbind. Hier uit blyk dit dus duidelik dat daar ‘n verbond tussen die Vader en Jesus Christus bestaan.

**f.** Ten slotte blyk dit dat daar ‘n verbond tussen die HERE en Christus bestaan uit die oprigting van die verbond. Waar daar aan die eenkant vereiste voorwaardes

[3] Kyk ook na Liddell & Scott by διατίθημι

en gebooie is, waar beloftes en sakramente is. En waar daar aan die ander kant ‘n bewilliging en nakoming van die voorwaardes en beloftes is, daar het mens sonder enige twyfel ‘n verbond. En al hierdie sake het mens tussen die Vader en die Seun – daar is dus beslis ‘n verbond tussen Hulle.

**Hieruit vloei dan nou voort wat die verskillende take is wat Elkeen in die Verbond na kom.**

5. **Eerstens dan – die werk van die Vader (bl 210-212).**
   By die werk van die Vader kan mens drie afsonderlike gedeeltes onderskei, naamlik (a) bevele as voorwaardes wat deur die Vader gegee word; (b) die beloftes wat die Vader gee; (c) die versekering wat die Vader gee.
   a. **Die bevele en voorwaardes wat die Vader gee.**
      Die Vader het aan Christus die uitverkorenes gegee sodat hulle deur hom verlos kan word. Hierdie proses van verlossing geskied deur dat die Vader aan Jesus Christus voorwaardes en bevele gee om na te kom – “Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek – net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek” (Joh 12:49-50) en – “Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang” (Joh 10:18).Hierdie bevele en voorwaardes het onder andere ingehou dat:
      - Die Seun ‘n sondaar natuur sou aanneem maar sonder sonde (Hebr 10:5)
      - Die Seun Hom in die uitverkorenes se plek stel, hulle sonde rekening op Hom neem, asof Hy dit self gedoen het. Om dit te doen moet hy homself onder die wet stel (Gal 4:4).
      - Die Seun dus al die uitverkorenes se straf dra en ten behoewe van hulle ly, sterf en op staan uit die dood (Joh10:18 en Hand 2:23).
      - Die Seun volbring alle geregtigheid vir die uitverkorenes in hulle plek om hulle sodoende as regverdig te stel (Rom 5:19 en 2 Kor 5:19, 21).
      - Die seun moet die verworwe saligheid die uitverkorenes se deel maak (Joh 6:39).
   b. **Die beloftes wat die Vader gee.**
      By die voorwaardes en bevele het die Vader egter ook beloftes aan die Seun gegee wat onder andere die volgende behels.
      - Die Vader se welbehae sou deur die Seun tot uitvoering gebring word – “Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees” (Jes 53:10).
      - Die Seun sal Koning wees oor alle uitverkorenes, oor Jode sowel as heidene – “Ek tog het my Koning gesalf oor Sion, my heilige berg. Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies[4] gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting” (Psalm 2:6-8) en – ”En hy sal heers van see tot see

[4] Hebreeus - גוים *goim* wat in die state vertaling met ‘heidene’ vertaal word. Gewoonlik word, in teen stelling met heidene, die volk van die HERE *am* genoem en nie *goim* nie – sien ook die LXX se onderskeid.

en van die Rivier tot by die eindes van die aarde. …. Ja, al die konings sal hulle voor hom buig, al die nasies sal hom dien" (Psalm 72:8 en 11).

- Die Seun sal mag oor alles hê (Matt 28:18, 1 Kor 15:27).
- Die Seun sal 'n hoë en eervolle plek ontvang (Hebr 1:3 en Openb 3:21).
- Die Seun sal regter wees oor die hele skepping (Joh 5:27 en Hand 17:31).
- Ten opsigte van die uitverkorenes beloof die Vader aan die Seun dat die uitverkorenes deur Hom al die gawes van die genadeverbond sal ontvang, naamlik vergewing van sondes, versoening, aanneming tot kinders, vrede, heiligmaking en ewige heerlikheid (Luk 12:32 en Rom 8:32).

c. **Die versekering wat die Vader gee.**
Die Vader bevestig aan die Seun dat hierdie beloftes waarlik Syne sal wees deur die volgende:

- Deur eed swering (Psalm 110:4 en Psalm 89:36)
- Die Vader verseël die beloftes aan Hom deur die sakramente.
- Die Vader bevestig die beloftes deur buitengewone en onmiddellike openbarings (Mat 3:17 en Mat 17:5).

6. **En in die tweede plek – die werk van die Seun (bl 212-215).**
Die werk van die Seun bestaan dan daarin dat Hy (a) die voorwaardes en beloftes aanneem, (b) die voorwaardes nakom, (c) die beloftes op grond van die nagekome voorwaardes opeis.

a. **Die Seun neem die voorwaardes en die beloftes aan.**
As volkome God en mens neem Jesus Christus in Sy menslike natuur die voorwaardes aan (Psalm 40:7-9). Maar ook die beloftes. Wat behels nou die belofte. In Jesaja 50:8 lees mens die volgende: "Hy is naby wat My reg verskaf"[5] en in 1 Tim 3:16 lees mens dat Christus geregverdig is in die Gees. Dit behels dan dat die reg wat aan Christus verskaf word Hom volkome daarvan verseker dat Sy lyding en sterwe volkome versoening vir die uitverkorenes bewerk – daar is dus nie een vir wie Hy sterf wat verlore sal gaan nie. Verder versterk Christs Hom ook met die belofte van die heerlikheid wat op Hom wag na die kruis – "wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het" (Heb 12:2).

Hier kan nou die vraag gestel word oor hoe Christus die sakramente gebruik het. Immers Sy geloof was tog volmaak. Hier moet daar op gelet word dat (a) Sakramente ook deur volmaaktes gebruik kan word. So het Adam dan voor die val die Boom die lewe gehad; (b) die sakramente het aan Christus al die beloftes van die verbond van verlossing verseël. 'n Sakrament is immers die seël op 'n verbond. So verseël die sakramente aan die gelowiges al die beloftes van die genade verbond wat hulle om Christus wille toekom. Vir Christus verseël die sakramente egter die beloftes van die verbond van verlossing, naamlik die verlossing van al die uitverkorenes.

b. **Die Seun kom die voorwaardes na.**
Filippense 2:6-8 – "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis"

---

[5] "Hij is nabij, Die Mij rechtvaardigt" - Statevertaling; קָרוֹב מַצְדִּיקִי *qaroow matsadiqi* - Hebreeus

**c. Die Seun eis die beloftes op, op grond van die nagekome voorwaardes.**
Vir Homself – “Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was” (Joh 17:4-5).
En vir die uitverkorenes – “Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld” (Joh 17:24).

Daar ontstaan egter nou die vraag – het Christus ook vir Homself iets verdien terwyl Hy alles wat Hy gedoen en gely het vir die uitverkorenes gedoen en gely het? Hier moet egter nie vir ons ‘n probleem ontstaan nie, want wanneer Christus vir die uitverkorenes alles verdien, betoon Hy volmaakte liefde en gehoorsaamheid aan God. So verdien Hy op grond van die verbond van verlossing "daardoor voor Zich zelven als Middelaar de beloofde goederen.” Hierdie stelling blyk uit die volgende:

- Waar daar ‘n verbond is, wat ‘n stel voorwaardes en beloftes op die nakoming van die voorwaardes behels, daar verdien die een wat die voorwaardes nakom ook die beloftes.
- Christus verwag Sy loon – “Maar Ék het gesê: Tevergeefs het Ek My vermoei, my krag vir niks en vrugteloos verteer! Nogtans is my reg by die HERE, en my loon[6] is by my God” (Jes 49:4). Hier moet mens onderskei tussen loon uit genade en loon op grond van verdienste. Wanneer dit kom by Christus is Sy loon op grond van verdienste.
- Hebreërs 12:2 – “….wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het.” Ziet daar: vreugd was Hem voorgesteld onder voorwaarde van het kruis; die vreugde beoogde Hij; Hij verdraagt daarom het kruis; zoo heeft Hij dan die vreugde voor Zich verdiend.”
- Christus se werke word gestel as die oorsaak van Sy verhoging – “Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra. Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het” (Jes 53:11-12) en – “U het geregtigheid lief en haat goddeloosheid. Daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle” (Psalm 45:8) en – “en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is” (Filip 2:8-9).

Hier uit is dit duidelik dat Christus nie net verhoog is as ‘n gevolg van dit wat Hy gedoen het nie, maar dat Hy verhoog is op grond van die voorwaardes van die Verbond van verlossing wat Hy nagekom het, en so Sy verhoging en die verlossing van die uitverkorenes verdien het.

**7. Gevolgtrekking – Die kennis van hierdie verbond is tot groot nut (bl 215-217).**
Daar is nou gesien dat daar ‘n verbond van verlossing bestaan tussen die Vader en die Seun oor die ewige saligheid van die uitverkorenes. Daar is ook verder geleer

[6] State vertaling - ‘werkloon’

wat hierdie verbond behels – die voorwaardes en beloftes, hoe Jesus Christus dit aanneem en volmaak nakom en so Sy verhoging verdien en ook die verlossing van die uitverkorenes.

Hierdie leer is egter nou nie maar net iets vir die verstandelike oordenking om dit dan maar daar te laat nie. Nee, hier het ons die vaste fondament van alle vertroosting, blydskap, verwondering en verheerliking van God. Daarom moet ons met hierdie Leer gedurig besig wees, dit verstaan en gebruik. Die nut van hierdie Leer blyk uit die volgende:

- In hierdie verbond staan die verlossing van die uitverkorenes vas, want hulle verlossing berus op die ooreenkoms tussen die Vader en die Seun, wat volmaak deur die Seun nagekom is. Daarom kan hulle uitroep – "Wie zal ons scheiden van de liefde van Christus? Wie zal dat verbond, dat tussen die beiden is, vernietigen? O Dood, waar is uw prikkel? O Hel, waar is uwe overwinning?"

- Alle voorwaardes is nou in die plek van die uitverkorenes klaar deur Christus nagekom – hulle hoef niks te doen nie. Christus het die straf gedra, Hy het in die plek van die uitverkorenes die wet vir hulle nagekom, Hy lei hulle die saligheid in, bewaar hulle daarin en al Sy verdienste word hulle toegereken. Al hierdie dinge word in die tyd op elke uitverkorene se bestemde tyd hom toegedien – op hom toegepas, sy eie gemaak – en daarom roep hulle uit: "Nie aan ons, o HERE, nie aan ons nie, maar aan u Naam gee eer, om u goedertierenheid, om u trou ontwil" (Psalm 115:1).

- Die verbond van genade en die uitverkorenes se verbondshandeling in Christus het sy oorsprong in die verbond van verlossing, "hieruit vloeit het begin, midden en einde van des menschen zaligheid. …. De uitverkorenen dan hebben aan de eene zijde maar stil te zijn, en laten den Heere werken; zij hebben hunnen mond maar open te doen en te ontvangen, 'tzal alles in bestendigheid aan hen gegeven worden, wat in de artikelen van dit verbond begrepen was." Aan die ander kant sal die uitverkorene op die verbond van verlossing let in sy oorgaan in die genade verbond en terwyl hy in die genade verbond leef die verbond van verlossing as grond daarvan stel. Daarom sal daar by die uitverkorene ook nooit stagnasie wees nie, nooit 'n geariveerdheid nie. "Dus zal men iedere voorkomende genade en invloed des Heilige Geestes erkennen uit dit verbond (van verlossing) voort te komen. Dus zal men bekwaam worden om gevoelig, blijde, en in liefde te zeggen: Uit Hem en door Hem en tot Hem zijn alle dingen, Hem zij de heerlikheid in alle eeuwigheid! Amen."

- In die verbond van verlossing openbaar die HERE Hom in Sy oneindige liefde. Dat die uitverkorenes verlos word is een groot wonder. Hier het mens nie te doen met vooruit gesiene geloof, goeie werke, hier was geen noodsaaklikheid of dwang nie, maar ewige liefde en vrye genade – "Die HERE het aan my verskyn uit die verte: Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid" (Jer 31:3). En uit hierdie ewige liefde, betoon aan die uitverkorenes, spruit ook wederliefde voort – "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het" (1 Joh 4:19).

- Kragtens die verbond van verlossing bewerk die Here Jesus die verlossing van die uitverkorenes, en hierdie verlossing is verewig vas en seker – "En dit is die

wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag" (Joh 6:39). Daarby is Jesus Christus die Almagtige en daarom kan die kind van God, getroos en gerus sê: "Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie" (Psalm 23:1), "Die HERE sal dit vir my voleindig!" (Psalm 138:8), "U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem" (Psalm 73:24), "Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!" (Psalm 2:12).

# Hoofstuk XVI
# Van het verbond der Genade.

**1. Inleiding.**

In die vorige hoofstukke is daar gehandel oor die mens met sy heilige natuur wat met God in 'n Verbond van werke gestaan het. Uit hierdie verhouding het die mens egter geval as gevolg van die sonde en daarom staan hy in 'n verhouding van straf en ellende teenoor God. In hierdie Hoofstuk gaan daar nou na die mens onder genade gekyk word en daarom handel dit nou hier oor die Verbond van genade.

*Die benaming in die OT (bl 351).*

Die Hebreërs (Israeliete) noem die woord verbond, ברית *beriet*. Die woord word afgelei van die werkwoord *barah* – wat 'uitkies' beteken[7]. Hierdie 'uitkies' aksie vind dan ook plaas in die verbond – daar word gekies met wie die verbond aan gegaan word en daar word voorwaardes gekies wat geld by die verbond.

Die verbond is verder gesluit deur 'n verskeidenheid seremonies, waarvan die deursny van diere en die gevolglike deurloop tussen die twee hope vleis, deur die verbondmakers, vir ons bekend is. Die seremonie het daarop gedui dat as die verbond verbreek word deur een van die partye hy ook so stukkend gesny sal word soos die hope vleis. Daarom word daar ook deur die Hebreërs (Israeliete) gepraat van *karat beriet* – verbond sny. In hierdie verband kan 'n mens let op Jer 34:18 – "En Ek sal die manne wat my verbond oortree het, wat die woorde van die verbond nie gehou het wat hulle voor my aangesig gesluit het nie, maak soos die kalf wat hulle in twee stukke gesny het en tussen die stukke waarvan hulle deurgegaan het."

*Die benaming in die NT (bl 351-352).*

Die Grieke noem die woord verbond διαθήκη – *diatheekee*. Met hierdie woord word ברית *beriet* dan ook in die LXX vertaal – "In die NT wordt het woord Verbond, dan Testament overgezet. 'tIs zonder grond, en tegen de Grieksche scrijvers, de LXX overzetters, en tegen verscheidene plaatsen des NT als men het woord διαθήκη, niet Verbond, maar alleen testament zou willen overgezet hebben, en ondermijnt stilletjes de verbondshandeling met God, en de oefening des geloofs." Die onderskeid wat daar dus bestaan is dat daar by 'n testament geen toestemming aan die kant van die bevoordeelde moet wees om dit wat in die testament beloof word deelagtig te word nie. By 'n verbond is daar egter 'n wedersydse ooreenkoms ter sprake. In hierdie sin pas die betekenis van die woord testament egter goed op dit wat die Genade

[7] "Enter into *berit* with someone" – A concise Hebrew and Aramaic Lexicon of the Old Testament; Hooladay bl 47

verbond behels. In die Genade verbond het mens te doen met “een Vebondelijk Testament en een Testamenteel Verbond.”

*Die Woord verbond het verskeie betekenisse in die Woord van God (bl 352).*
Die betekenisse wat die woord Verbond in die Woord van God kan hê is dan soos volg:

- ‘n Verbond kan ‘n onveranderlike belofte wees – “Maar Ek, kyk, Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag ná julle, met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle – al wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere van die aarde” (Gen 9:9-10). Hier het mens slegs een aktiewe kant in die verbondsluiting, naamlik God. Nogtans het mens egter met ‘n verbond te doen omdat God sê dat Hy ‘n verbond sluit en verder het mens hier met ‘n belofte te doen wat een van die eienskappe van ‘n verbond is.

- ‘n Verbond is ‘n vaste onverbreeklike ordenansie – “So spreek die HERE: As julle my verbond met die dag en my verbond met die nag kan verbreek, dat daar geen dag of nag op hulle tyd is nie, dan sal ook my verbond met Dawid, my kneg, verbreek kan word, dat daar vir hom geen seun sal wees wat regeer op sy troon nie, en met die Leviete, die priesters, my dienaars (Jer 33:20-21).”

- ‘n Verbond staan in verband met vrede en vriendskap – “Want met die klippe van die veld is jou verbond, en die wilde diere van die veld is met jou bevriend (Job 5:23).”

- In ‘n Verbondsverhouding moet die partye van die verbond sorgvuldig daarop let om nie die bepalings van die verbond te verbreek nie – “daarom wordt zorgvuldige wachthouding een verbond genoemd. Job 31:1 – ‘Ek het 'n verbond gesluit met my oë: hoe sou ek dan ag gegee het op 'n jonkvrou?’”

- In ‘n Verbond is daar wette wat as voorwaardes van die verbond nagekom moet word. Daarom word ‘n bevel ook ‘n verbond genoem – ” Toe het Hy aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe (Deut 4:13).” Hier moet daarop gelet word dat die tien woorde eintlik nie die verbond was nie, want die verbond was al van te vore gesluit. Die tien woorde was dus die reël waarvolgens die bondgenote moes lewe.

- Die bediening van die verbond kan ook ‘n Verbond genoem word – “Dit is my verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word” (Gen 17:10).

*“Deze alle zijn oneigenlijke beteekenissen van het woord verbond.” ‘n Verbond is dan die volgende (bl 353):*
“eene onderlinge verbintenis van twee of meer persone, eenige zaaken, onder eenige voorwaarden, elkanderen belovende. Tusschen God nu en den mensch is dusdanig een eigenlijk gezegd Verbond der Genade, welke is eene heilige, heerlijke, welgeordineerde en eeuwigdurende overeenkomst of verdrag tusschen den Algenoegzamen, Goeden, Almachtigen, Rechtvaardigen, Getrouwen, Waarachtigen en Onveranderlijke God aan de een zijde; en tusschen de uitverkorenen, die in

natuur zondig, verdoemelijk, onmachtig, walglijk, hatelijk en ondragelijk zijn, aan de ander zijde; in welke God belooft de verlossing van alle kwaad, en de toebrenging van alle zaligheid uit Genade, door den Middelaar Jezus Christus; en in welke mensch met zijn hart, en vol genoegen in de beloften, en in den weg om tot de bezitting van de beloofde goederen te komen, in het Woord voorgesteld, toestemt, dezelve aanneemt, en zich daartoe in dat verbond aan God oovergeeft, het welk God, tot verzekering van de bondgenooten, door sacramenten verzegelt; alles tot verheerlikijng van de vrije en ondoorgrondelijke Genade Gods."

*Die sake wat nou in hierdie definissie van die genade verbond uit een gesit is moet nou van naderby bekyk word (bl 353-354).*
As iemand bywyse van 'n verbond met God in 'n verhouding staan, en die voordele van hierdie verbond geniet, is dit noodsaaklik dat hy vooraf sal weet dat God met hom 'n verbond opgerig het en dat hy in hierdie verbond wat God met hom opgerig het moet toetree en dat hy dan opgrond van hierdie verbond met God in 'n verhouding kan en mag staan.

"Om uw ziele hiervan te overreden, zoo let aandachtelijk op al de plaatsen der Heilige Schrift, in welke van Verbond, oprichten van een Verbond, intreden in een Verbond gesproken wordt."

- Genesis 15 – daar sluit God met Abraham 'n verbond.
- Genesis 17:7 – "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou."
- Jeremia 31:31-33 – "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."
- Jeremia 32:38-40 – "En hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle. En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie."

Ook in die NT word gepraat van hierdie verbond.

- Lukas 1:72 – "om barmhartigheid te bewys aan ons vaders en aan sy heilige verbond te dink,"
- Efesiërs 2:12 – "dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld."
- Hebreërs 7:22 – "in sover het Jesus van 'n beter verbond borg geword."
- Hebreërs 8:6 – "Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is."

Ook van die mens se toetrede, tot hierdie met hom opgerigte verbond, lees mens in Gods Woord.

- 2 Kron 30:8 – "Verhard nou nie julle nek soos julle vaders nie, gee aan die HERE die hand en kom na sy heiligdom wat Hy vir ewig geheilig het, en dien die HERE julle God, dat sy toorngloed van julle afgewend kan word."
- 2 Kron 15:12 – "En hulle het die verbond aangegaan om die HERE, die God van hulle vaders, met hul hele hart en met hul hele siel te soek."
- Esegiël 20:37 – "En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die band van die verbond." (hierdie vers verwoord vir my ons toetrede tot die verbond wonderlik)
- Nehemia 9:38 – "Maar op grond van dit alles sluit ons 'n vaste verbond en beskryf dit; en op die verseëlde stuk het ons owerstes, ons Leviete, ons priesters geteken."
- Jesaja 44:5 – "Die een sal sê: Ek behoort aan die HERE; en die ander sal die naam van Jakob uitroep; en die ander sal met sy hand skrywe: Ek behoort aan die HERE, en hom met die erenaam Israel noem."

Uit die bogenoemde Skrifplekke is dit duidelik dat daar 'n Verbondshandeling tussen God en die gelowiges bestaan. Hierdie Verbondshandeling behels dan dat God die Verbond oprig deur aanbieding en belofte en dat die uitverkorenes dit dan aanneem en oorgaan in die Verbond. "Gelijk de Heilige Skrift deze verbondshandeling voorstelt, zoo is ze ook altijd in de Kerk geleerd en gebruikt, niet alleen voor de antichrist, maar ook terstond met de hervorming......'t Wordt in de formulieren van den H. Doop en het H. Avondmaal, en van het huwelijk aangedrongen."

**Om die Verbond van genade nou beter te verstaan gaan daar vervolgens gelet word op die volgende sake.**

**2. Die Partye wat in die Verbond saamkom en verenig (bl 354-357).**

Die partye in die Verbond is aan die een kant "God de Formeerder van alles...de heilige Heere" en aan die ander kant "een afschuwelijke zondaar." Daar gaan nou na elkeen van hierdie Partye in die besonder gekyk word.

**a. Die een party – Die HERE God, die Verbondsoprigter.**

- God is genoegsaam. Wat die verbondsoprigting dan behels het hy geen nodigheid om met die mens in 'n verbond te tree nie. Dit is dus alleen tot nut van die een met die Verbond opgerig word dat God die verbond van genade oprig. Hierdie genoegsaamheid van God is egter tot oorvloedens toe genoeg om almal in die verbond tot verlossing te bring en daarom rede tot ewige vregde by die bondgenoot (Ps 73:25,28; Ps 16:11; Ps 17:15; Ps 36:9). "Wie zal, wie kan weigeren met deze Algenoegzame in een verbond te treden? Wie wordt niet levendig, om dat op staanden voet te doen?"

- God is waarlik goed (Nah. 1:7; Ex 34:6; Ps 119:68; Ps 136:1). Uit hierdie goedheid van God vloei dan ook voort die goed wat Hy aan die bondelinge doen – "Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het – nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees" (Tit 3:4-5). "Met zulk een goeden God heefte de mensch te doen in het maken van het verbond. Wie zou dan geen lust hebben en geene vrijmoedigheid nemen, om met den Heere in een verbond te gaan?"

- God is almagtig (Gen 17:1; Luk 1:49; Openb 1:8). God is dus ook by magte om Sy genoegsaamheid en goedheid die bondelinge deelagtig te maak. “Die dan met dezen God in een verbond is, hoe veilig is die! Hoe stil mag hij in Hem rusten! Hoe zeker kan hij de beloften verwachten!”

- In die oprigtting van die verbond openbaar God Hom as getrou. Hy sal Sy bondgenote nooit verlaat en hulle iets laat ontbeer nie (1 Pet 4:19; Ps 146:6; Klaagl 3:23; Ps 121:3,7; Ps 119:75; 2 Tim 2:13; Ps 89:34-35). “Gelooft dit, hebt geen achterdocht, rust hierin, gij alleen, die in het verbond zijt ingegaan, want uw God is een getrouw God. Hij zal ‘t alles voor u voleinigen.”

- God is waaragtig en onveranderlik, Hy is Jahwe (Ex 3;14; Mal 3:6; 1 Sam 15:29; Rom 11:29). Zoo mag dan een bondgenoot de goederen zoo zeker verwachten, alsof hij ze alreede had, en zich zonder bekommering in deze verblijen, gelijk Abraham deed.” – “En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk deur die geloof en het aan God die eer gegee  en was ten volle oortuig dat Hy ook die mag het om te doen wat Hy beloof het” (Rom 4:20-21).

- God is heilig en regverdig – “wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie; wat die ongeregtigheid van die vaders besoek aan die kinders en aan die kindskinders, aan die derde en aan die vierde geslag” (Ex 34:7). Nou kan daar gevra word, wie met so ‘n God in ‘n verbond kan tree. Maar die regverdigheid en heiligheid van God moet mens juis om Christus wille lok, want om Sy ontwil is die regverdigheid en heilihgheid van God nou vir die bondeling, en nie teen hom nie.

**b. Die ander party – Die mens in sy totaal verlore toestand.**
Dat daar nou so ‘n verbond tussen die heilige God aan die die een kant en die afskuwelikke sondaar aan die anderkant bestaan is een groot stuk wonderlike genade. “Laat engelen, laat hemel en aarde, laat menshen verbaasd staan, dat de hooge, heilige en heerlijke God zulke vuile, booze en onnutte schepselen in een verbond, ja in zulk een nauw verbond van vrienschap opneemt, en door dien Goddelijke weg tot zaligheid leidt.”

**3. Die kondissies, voorwaardes of beloftes van die Verbond (bl 357-364).**
Hierdie kondissies, voorwaardes en beloftes behels veertien punte. Die eerste sewe punte behels die ellende waarvan die HERE die bondeling verlos en die tweede stel van sewe punte behels die goedere wat die HERE aan die bondeling skenk. Wat ‘n gawe van God is dit nie, as Hy die mens hierdie punte laat insien en ook daarop laat ‘Amen’ sê.

**Die eerste sewe punte is dan as volg:**

**a. God bied as voorwaarde van die Verbondsoprigting verlossing van sonde.**
Jeremia 31:33-34 – “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die

HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie."

- Verder beloof God vergewing van alle sonde, maak nie saak hoe groot of klein (Jer 33:8).
- God beloof vergewing van sondes tot in ewigheid en haal dit nooit weer op nie (Jer 31:34; Jes 43:25; Jes 44:22).
- God beloof vergewing van sondes wat dan behels dat Hy Sy kind aansien asof hy nooit gesondig het nie (Kol 2:10; 2 Kor 5:21).
- God beloof sonde vergewing, so dat Hy die bondeling se sonde nou met medelye hanteer.

**b. God beloof bevryding van Sy toorn.**
Almal is van nature kinders van die toorn (Efes 2:3). Van hierdie toorn word elkeen met wie God waarlik die verbond opgerig het en wat toegetree het tot die verbond verlos – "Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos" (1 Thess 1:10).

**c. God beloof bevryding van die vloek.**
Elke mens leef onder die vloek van die wet (Deut 27:26). Van hierdie vloek word elkeen met wie God waarlik die verbond opgerig het en wat toegetree het tot die verbond verlos – "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang" (Gal 3:13).

**d. God beloof verlossing van alle ligaamlike swaarkry en dood.**
Vir sover dit die bondeling nie tot voordeel strek nie – "Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf? Berou bly vir my oë verborge" (Hos 13:14).

**e. God beloof verlossing uit die geweld van die duiwel.**
Van nature verkeer elke mens onder die geweld en in die strik van die duiwel (2 Tim 2:26). Van hierdie geweld en verstrikking word elkeen met wie God waarlik die verbond opgerig het en wat toegetree het tot die verbond verlos – "om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God," (Hand 26:18).

**f. God beloof bevryding van die heerskappy van die sonde.**
Romeine 6:14 – "Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade."

**g. God beloof bevryding van die ewige verdoemenis.**
Romeine 8:1 – "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."

"Wat dunkt u van deze voorwaarden, gij, die ooit gevoeld hebt, wat zonde, wat toorn, wat vloekt, wat dood, wat geweld des duivels, wat heerschapij der zonde, wat verdoemenis is? Zijn deze zaken niet dierbaar? Zijn deze voorwaarden niet aanemelijk? Zijn ze wel af te slaan?"

Dit was dan nou die eerste sewe punte van die veertien wat die kondissies, voorwaardes of beloftes van die Verbond van genade omvat.
**Nou volg die tweede stel van sewe punte, wat behels die goedere wat God aan die bondeling skenk.**

**a. God bied Homself aan om die God van arme boetvaardige sondaars te wees.**

- Genesis 17:7 – "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou."
- Jeremia 31:33 – "Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."

**b. God beloof Sy Gees aan die bondelinge.**

- Jesaja 44:3 – "Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge."
- Esegiël 36:27 – "En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen."
- Joël 2:28 – "En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien."
- Galasiërs 4:6 – "En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!"

**c. God beloof 'n vriendskapsband tussen Hom en die bondeling, soos tussen vader en kind.**
Kragtens die Verbond van genade noem God Abraham Sy vriend (Jak 2:23), en Christus noem die wat aan Hom behoort Sy vriende (Joh 15:14).

**d. God beloof vrede.**
Jesaja 54:13 – "En al jou kinders sal deur die HERE geleer wees, en die vrede van jou kinders sal groot wees."

**e. God beloof heiligmaking in 'alle deelen'.**

- Verligtheid – "En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE;" (Jer 31:34).
- Lewe – "My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe" (Mal 2:5).
- Waarheid – "Want Ek, die HERE, het die reg lief; Ek haat die roof met onreg, en Ek sal hulle getrou hul loon gee en 'n ewige verbond met hulle sluit" (Jes 61:8).
- Vryheid – "Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid" (2 Kor 3:17).
- Gewilligheid – "U volk sal baie gewillig wees op die dag van u krygsmag; in heilige feesgewade, uit die moederskoot van die dageraad sal vir U wees die dou van u jong manskappe" (Psalm 110:3).

- “En om alles bij elkander te voegen: godzaligheid, geloof, hoop, liefde,vrees, gehoorsaamheid, nederigheid, zachtmoedigheid, wijsheid, enz.

f. **God beloof die bewaring van die bondelinge.**
God beloof dat Hy die bondelinge in die staat van vriendskap en verlossing sal bewaar – dus die sake wat in die verbond beloof word. Hiermee ontneem Hy die bewaring van hierdie sake (wat die bondeling in ‘n staat van verlossing plaas) totaal uit die hande van die met wie die verbond gemaak is omdat hulle dit van oomblik tot oomblik elke dag verlore sou laat gaan – “En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie” (Jer 32:40).

g. **God beloof ewige saligheid.**
   - Lukas 22:29 – “En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir My beskik het,”
   - Johannes 10:24 – “En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.”
   - Matteus 25:34 – “Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.”

Hier het mens dan nou die veertien punte, wat die kondissies, voorwaardes en beloftes van die Verbond van Gende, omvat. “Is ‘t niet genoeg om uwe ziel met eene volle toestemming te doen besluiten dit Verbond met God aan te gaan? Wat dunkt u, is hij niet van zinnen beroofd, die zulk een Verbond, op zulke voorwaarden, en dat met God, niet wil aangaan? Of God moest wederom van den mensch onaannemelijke voorwaarden eischen.”

Dit laat mens dan nou die vraag vra “welke de voorwaarden zijn, die God wederom van den mench eischt, en die Hij wederom zou beloven?” Die antwoord op hierdie vraag is soos volg: “Ik zeg dan: aan des menschen zijde zijn gansch geene voorwaarden, die God als voorwaarden eischt, en die de mensch als voorwaarden belooft.” Die stelling dat die mens geen voorwaarde moet na kom om in die Verbond van Genade met God toe te tree nie blyk uit die volgende:

a. Uit die volgende skrif gedeeltes:
   - Jesaja 55:1 – “o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!
   - Openbaring 21:6 – “En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.”
   - Openbaring 22:17 – “En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.”

b. Die mens kan uit homself geen voorwaarde nakom nie.
c. Dit gaan immers hier om die Verbond van Genade. Daarom kan hier nie sprake wees van voorwaardes wat na gekom moet word nie – soos by die verbond van

werke. Rom 11:6 – "En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie."

d. Indien daar van die mens 'n kondissie of voorwaarde geëis sou word sou die Verbond van Genade verbreek kon word. Dit sou dan verder veroorsaak dat "de geheiligden kunnen afvallen. 'twelk tegen den Bijbel is."

e. "En zoo de mensch iets kon doen, en alzoo beloven, wat zou dat zijn? Bekering, liefde, heiligheid, gehoorzaamheid? Behalve dat hij niet kan, zoo worden die zaken aan de zijde Gods als voorwaarden beloofd. God biedt aan, dat Hij den mensch, die Hem in dit Verbond treedt, die zaken zal geven, gelijk boven is getoond. Zijn het nu voorwaarden, die God aan zijne zijde belooft in den mensch te zullen werken, zoo kunnen het geene voorwaarden zijn, die de mensch aan zijne zijde beloven zou te doen."

Teen die stelling dat die mens geen voorwaarde moet na kom om in die Verbond van Genade met God toe te tree nie word die volgende in gebring:

a. "Men mocht denken, 't is niet van noode, dat de mensch wil, en dat hij geloof; want alle beloften zijn onder voorwaarden van geloofen, en er zijn bedreigingen voor die niet geloofen. Daar beloften zijn onder voorwaarde, daar voorwaardelijke bedreigingen zijn, daar worden voorwaarden van den mensch geëischt en beloofd."

   Hierop word nou soos volg geantwoord:

   - Die voorwaardelike beloftes en bedreigings is die beweegredes waardeur God die mens lok en trek om met Hom in die Verbond van Genade te tree.
   - Die voorwardelike beloftes en bedreigings het die toepassing van die goedere van die Verbond aan die bondelinge ten doel. Daarom is die voorwardelike beloftes en bedreigings middele om, die met wie God die Verbond van Genade opgerig het op te wek ('om hen te verwakkeren'). "Daaruit volgt dan niet, dat willen en geloofen voorwaarden zijn van het verbond der genade zelve, 'twelk, eigenlijk gezegd, geene bedreigingen, maar alleen beloften heeft."
   - Om te wil en te glo is vooraf hoedanighede wat in iemand is met wie daar in 'n verbond getree word. "Het willen en het toestaan van 't verzoek des jonkmans, het overgeven in het huwelijks-verbond van eene dochter, zijn geene huwelijks-voorwaarden, maar het maken van het huwelijk zelve; zoo is 't ook hier, op het uitreste zouden willen en geloofen kunnen genoemd worden *coditio, sine qua non,* eene conditie, zonder welke niet, welke niet komt in het wezen der zaak zelve.

b. "Men mocht verder denken: eischt God nietemaal van den mensch in het oprichten van het Verbond, en belooft God alleen alles aan hem te zullen doen, zoo is God alleen verbonden, en de mensch is niet verbonden, en mag dienvolgens leven, zoo hij wil."

   Hierop word nou soos volg geantwoord:

   Hier kan die voorbeeld gebruik word van 'n arm meisie wat in 'n huwelik tree met 'n ryk jongman. As sy in die huweliks-verbond intree kan sy niks aanbied nie, alle voordele wat aan die jongman verbonde is word egter nou ook haar deel. So is dit nou ook hier wanneer die uitverkorene, sonder om aan enige vereiste te voldoen of sonder om enige voorwaardes na te kom, in die genade Verbond met God tree. Alles wat God bied word nou sy deel. Hier moet mens nou die veertien punte wat die kondissies, voorwaardes of beloftes, wat God in die Verbond van

Genade die bondeling se deel maak, in gedagte hou[8]. Een van hierdie punte behels immers dat die HERE heiligmaking 'in allen deele' beloof. Daarom sal die bondeling nie leef soos hy wil nie maar die HERE dien soos Hy in Sy Woord beveel.

4. **In die Verbond van Genade is dit nodig dat daar 'n Borg en Middelaar moet wees (bl 364).**
Vir die Heilige God is dit nie moontlik om met 'n sondaar mens in 'n Verbondsverhouding te staan nie. Daarom is dit nodig dat daar 'n Borg en Middellaar tussen beide kom wat hierdie Verbondsoprigting moontlik maak. Hierdie Borg en Middellaar is Jesus Christus, wat waaragtig God en mens is – "In Hem zijn beide naturen vereenigd, om God met den mensch te vereenigen."

Jesus Christus staan nou op twee maniere vir die uitverkorenes by God in. Ten eerste neem Hy hulle sondes op Hom asof Hy dit gedoen het en dra daarvoor in hulle plek die straf daarvoor (1 Petr 2:24). Tweedens kom Hy die wet volmaak na in die plek van die uitverkorenes en maak so deur Sy gehoorsaamheid van die uitverkorenes regverdiges (Rom 5:19). Ten slotte kan mens – om dit nou so te noem – ook sê dat Jesus Christus vir God by die mens instaan "en bevestigt dat God zijne beloften, in dit Verbond belooft, zal doen stand houden, en sterft daarop als Testamentmaker, in wiens dood het Testament onverbrekelijk is (Hebr 9:16-17)...Hoe wenschelijk, hoe vast is dit Verbond, in 'twelk alle zware voorwaarden op den Borg liggen, en alle zegeningen op de bondgenooten komen door den Middelaar Jezus Christus. In welken al de beloften ja en amen zijn! 2 Cor. 1:20."

5. **Die vorm en wese van die Verbond van Genade (bl 364-365).**
Die vorm en wese van die verbond bestaan daarin dat daar by albei kante van die Verbond wedersydse inwilliging moet wees – "Niet de goederen, niet de bevalligheid, niet de liefde maakt een Huwelijk, maar de wederzijdsche bewilliging aan elkanderen verklaard." Om hierdie stelling nou beter te verstaan moet op die volgende gelet word:
   - Die aanbieding aan die kant van God om die sondaar in 'n Verbond met Hom te neem.
   - Die aanlokking van die sondaar deur aan hom die voordelige voorwaardes, wat God nakom, voor te hou.
   - Die instemming tot en die aanneming van dit wat God aanbied.
   - Die reg wat die bondeling verkry, om op grond van die Verbond wat met hom gemaak is, van God te vra wat in die verbond sy deel geword het (Ps 81).

   "Als de mensch de voorwaarden nu wel verstaande van harte begeerende, en de waarheid van aanbieding geloovende, zich van alle andere dingen afwendt en zich alleen tot God keert, en aan Hem in bedaardheid, waarheid en heerlijkeid zijne bewilliging tot de Verbond verklaart, en zich daarin aan God in Christus overgeeft, zoo is het Verbond gemaakt, en het zal eeuwig vast blijven. Gelukkig is hij, dien God de oogen heeft geopend, den wil gebogen, en tot zulk eene ernstige bewilliging gebracht heeft. Hij mag verzekerd zijn van zijnen tegenwoordigen en toekomenden gelukzaligen staat, al komt hij in vele verduisteringen; want zijn staat is niet vast op zijne gevoeligheid of geloof, of heiligheid, maar op dit verbond."

6. **Die doel of 'einde' (telos) van die Verbond van genade (bl 365-366).**

[8] Sien punt 3 hier bo.

Terwyl God alleen voorwaardes – wat Hy nakom – beloof en van die uitverkorenes niks terug eis nie, wat is dan nou die doel van die Verbond wat God met hulle oprig? Die antwoord op hierdie vraag is as volg – "'t is aan Zijne zijde openbaring van zijne genade, goedheid, wijsheid, rechtvaardigheid en macht, en aan de zijde menschen, om uit liefde hem tot de zaligheid te brengen. Ziet dit:"

- Efesiërs 1:5-6 – "deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde."
- Romeine 9:23 – "juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid,"
- Efesiërs 3:10-11 – "sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word, volgens die ewige voorneme wat Hy opgevat het in Christus Jesus, onse Here,"

"Is dit het einde, waartoe God dit groote werk der verlossing bijwijze van een Verbond komt uit te voeren, wie zou dan niet gaarne daartoe een voorwerp willen zijn?"

**7. Die eienskappe van die Verbond (bl 366-368).**

- Die Verbond van genade is eensydig wat behels die moontlik maak van die bestaan van 'n verbond tussen God en Sy kind. Omdat die maak van 'n verbond egter toestemming van beide partye noodsaak, is die Verbond van genade in hierdie opsig ook tweesydig – daar is dus wedersydse betrokkenheid. Die uitverkorene stem dus in tot dit wat God hom bied.

- Die Verbond van genade is werklik 'n verbond van genade. Die mens doen dus niks van sy kant om in die Verbond van genade met God te staan nie. Die instemming van die uitverkorene is dus nie 'n voorwaarde wat hy van sy kant af moet na kom nie.

- Die Verbond van genade is 'n heilige verbond, wat dan veral behels dat die bondelinge geheilig word.

- Die Verbond van genade is 'n heerlike verbond – "Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid (glory) wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak" (Hebr 2:10). Die Verbond is dus heerlik omdat die wat in die Verbond is verheerlik is in Christus.

- Die Verbond van genade is in alles goed georden en verseker (2 sam 23:5). "De Heere belooft den borg, en laat Hem door de plechtengeden afbeelden, laat Hem op den bestemden tijd geboren worden, en door lijden voor de zonde betalen; verhoogt Hem aan zijne rechterhand, en stelt alles in zijne handen. Hij laat de evangelie verkondigen, en trekt daardoor zijne uitverkorenen tot dit Verbond, en leidt ze door vele opmerklijke en wonderlijke wegen tot heerlijkheid. Dus is 't alles welgeordineerd."

- Die Verbond van genade is 'n verbond van vrede en vriendskap – "Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer" (Jes 54:10). Hieruit vloei dan voort 'n wedersydse vriendskapsverhouding wat soos volg tot

uiting kom – “En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; (Gen 12:3) – en hierop reageer die bondeling soos volg – “Ek is 'n metgesel van almal wat U vrees, en van die wat u bevele onderhou (Ps 119:63) – en – “HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!” (Ps 139: 21-22).

- Die Verbond van genade is ‘n huwliksverbond. Eseg 16:8 – “En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.” ; Hos 2:18 – “En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming.” ; Jes 54:5 – “Want jou Maker is jou Man; HERE van die leërskare is sy Naam; en die Heilige van Israel is jou Verlosser. Hy sal die God van die hele aarde genoem word.”

- Die Verbond van genade is ‘n ewige verbond. Die ewige karakter van die verbond bevestig ook die onverbreekbaarheid daarvan. Die ewigheid en die onverbreekbaarheid van die verbond blyk uit die volgende: (a) Jes 54:10 – “Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer.”; (b) Die Verbond van genade het sy oorsprong in die uitverkiesing, wat onwankelbaar vas staan (Rom 9:11); (c) Die Verbond van genade is gegrond in die Verbond van verlossing wat onverbreeklik is (Ps 89:35); (d) Die Verbond van genade is bevestig in die dood van die Testamentmaker en daarom is dit van krag en onveranderlik (Hebr 9:17); (e) Die Verbond van genade rus in die getrouheid van God (Ps 146:6); (f) Die Verbond van genade is deur ‘n eed van God bekragtig (Hebr 6:17).

“Ziet toch deze eigenschappen en hoedanigheden dezes Verbonds met aandacht in. Is ‘t niet aan alle kanten wonderlijk en beminelijk? Wie kan zich wederhouden om zich niet terstond met al zijn hart in dat Verbond in te laten? Wie van de bondgenooten springt niet op van vreugde over zoo groot een zaligheid, en rust niet zoetelijk in God door dit verbond?”

**8. Die sakramente van die Verbond van genade (bl 368).**

Die sakramente van die verbond is daar om die bondgenote te verseker van hulle vastheid in die Verbond van genade. Die sakramente is dan alleen die seëls van God waarmee hy Sy beloftes waarborg. Hy is immers die Enigste party wat in die verbond van genade beloftes maak. Wanneer dit dus by die versekering van dit wat in die Verbond beloof word kom is die uitverkorenes totaal passief. Hulle dra immers niks by in die verbond nie.

In die Ou Testament was hierdie sakramente die Besydenis en die Pasga. In die Nuwe Testament is hierdie sakramente nou die Doop en die Nagmaal. Die doel van hierdie sakramente is as volg:

- Die sakramente laat die bondeling elke keer by die gebruik daarvan weer sy oë rig op die beloftes wat sy deel is.
- By die gebruik van die sakramente word die bondeling se geloof in die gewisheid van die beloftes versterk.

- Deur die gebruik van die sakramente kry die bondeling ‘n voorsmaak van die hemelse goedere wat aan hom beloof word.
- Deur die gebruik van die sakramente word die bondeling opgewek tot ‘n lewe van heiligmaking.

Opsommend kan dan gesê word dat die doel van die sakramente daarop gemik is om die bondeling te wys op die onbreekbaarheid van die beloftes wat in die Verbond van Genade sy deel geword het.

**9. Redes waarom vele mense die Verbond van genade nie ingaan nie (bl 368-370).**

“Dus hebben wij u voorgesteld de voortreffelijkheid van ‘t Verbond der Genade. Wie zou geen lust hebben om van hetzelve een bondgenoot te zijn? Wie zegt op alle deze niet amen, ‘t is van die Heere geschied, en ‘t is wonderlijk in onze ogen. En nochtans vindt men velen die niet willen.” Die redes waarom daar mense is wat nie in die Verbond van genade met God wil toetree nie is as volg:

- Onkunde – dit wat jy nie ken begeer jy nie.
- Ongeloof – jy hoor die prediking van die Verbond, die aanbieding van die beloftes daarin maar jy verwerp dit in ongeloof – jy stem dus nie daarmee in nie.
- Lustelose luiheid – “as jy daarna soek soos na silwer en dit naspeur soos verborge skatte, dan sal jy die vrees van die HERE verstaan en die kennis van God vind” (Spr 2:4-5). “Maar dezen is alle werk te veel, wilde het dan van zelve komen, dan zou men het nog aan zich laten doen; maar zoo te onderzoeken, te bidden, te worstelen om te geloofen, en door het geloof het aan te grijpen, en zich steeds daarin bezig te houden, dat is hun te zwaar een werk, ‘t is hun de pijn niet waard.”
- Aardse bekommernisse – “dit zijn de doornen, die het goede zaadverstikken, en het hartebezwaren, en den mensch in zijn staatdoen blijven.”
- Begeerlikhede van die vlees.
- Verkeerde inbeeldinge – daar is baie wat reken dat hulle bondelinge is terwyl hulle dit nie is nie. Hulle ag die Borg van die Verbond nie alleen dierbaar nie; hulle breek nie totaal met die wêreld en sy genietinge nie; hulle beskou alleen maar die beloftes van die Verbond, maar het geen onderhandeling met die Borg en God van die Verbond “om met hart en tong in het Verbond te treden.”

**10. Opwekking om in het Verbond over te gaan (bl 370-371).**

- Buite die Verbond van genade is daar slegs ellende – Efes 2:11-12 – “Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.” “Wordt toch eens wakker, komt eens tot u zelven, schrikt em beeft, en laat de schrik des Heeren u beweegen tot het geloof, vliedt van de toekomenden toorn door ingaan in dit Vrede-verbond.”

- In die Verbond van genade is alle saligheid – “gaat eens terug, onderzoekt al de beloften van dit Verbond boven voorgesteldt, en ziet of er nog iets is, dat gij er bij begeert.......omhelst het toch, en geeft den Heere de hand........wat staat gij dan te dralen, komt, neemt besluit en stap over.”

- “Gij wordt door God zelven aangezocht, Hij komt u voor en roept u....”

- "De Heere zal niemand verstooten, die maar in waarheid door Christus tot Hem komt, al hebt gij nu zoovele jaren dezer vriendelijke aanbieding ongehoorzaam geweest....." (Joh 6:37).

**11. Vermaning voor degenen, die overgegaan zijn (bl 371-372).**

- "Verblijdt en vermaakt u in uw deel aan al de goederen, en over de vastigheden van dit Verbond..."
- "Merkt God nu gedurig aan zoodanig als Hij in dit Verbond nu is, en handeldt met Hem als een Bondgenoodt, genadiglijk van Hem aangenomen.."
- "Wandelt nu waardig het Evangelie, gelijk het eene bondgenoot betaambt..."
- "Wandelt in de liefde en vrede met de bondgenoten, laat de wereld zien, dat gij een hart en eene ziel zijt..."
- "Verhherlijkt God over dit groote werk, doet naarstigheid om de volmaaktheden Gods, die zich in dit Verbond opdoen, niet alleen te noemen, maar diep in te zien...."

**12. Nou dat die Verbond van genade behandel is word daar nou twee vrae behandel.**

**12.1 Die eerste vraag: Wanneer het die Verbond van genade in werking getree? (bl 372-377)**

"De Socinianen en de Remonstranten, die het met hen deze houden, schoon zij de natuur van het Verbond der genade niet recht verstaan, zeggen, dat het in de dagen des OT niet is geweest, en schoon zij toestaan dat aan hen is bekendgemaakt, dat er eens een Zaligmaker zou komen, en dat er eens een Verbond der genade zou opgericht worden, dat zij nogtans dat niet hebben gehad, geene bondgenooten van dit Verbond zijn geweest, geene beloften van eeuwige zaligheid hebben gehad, en door het geloof en hope op den toekomenden Zaligmaker het eeuwige leven niet hebben verkregen, maar uit Genade, door hunne deugdzaamheid[9]. Wij zeggen, schoon de bediening zeer verscheiden is in beide de Testamentenn dat nochtans datzelfde Verbond, ten opzichte van zijn wezen, zoowel geweest is in het OT, begonnen met Adam, als het nu in het NT. Dit blijk:"

- Die Verbond van genade word ter stond na die sondeval in die tuin van Eden opgerig – "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt" (Gen 3:15). Die saad van die vrou dui op Jesus Christus, wat sonder die toedoen van 'n man uit die maagd Maria gebore is. Verder is dit immers net Hy wat die slang en sy saad kan vernietig (Hebr 2:14; 1Joh 3:8). "Christus, het zaad der vrouw, zulende den duivel den kop vermorzelen, wordt hier beloofd, en dat op te merken is, bij wijze van eene bedreiging, en dat aan de slang; 't is niet tot Adam en Eva gezegd, maar alleen ten aanhoore van haar; waaruit blijkt, dat het Verbond der genade niet is opgericht met Adam en Eva en in hen met alle hunne nakomelingen, gelijk het Verbond der werken met hen was opgericht; maar Adam en Eva deze belofte hoorende, moesten den beloofden Zaligmaker tot hunne vertroosting aannemen voor zich zelven, gelijk daarna ieder geloovige deed, 't welk in de volgende reden zal blijken."

[9] Is dit nie dalk die dwaling by die ondeliggende voorveronderstelling wat geld by die 2001 Psalm omdigting nie?

- Die Evangelie, wat die aanbieding van die Verbond van genade is, is in die OT sowel as in die NT verkondig. Van hierdie feit spreek Gal 3:8 – “En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die heidene uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal al die volke geseën word.” Hier moet mens nou weer eens daarop op let dat die Verbond van genade, soos verkondig in die Evangelie, vir Abraham tot nut en voordeel was opgrond van die feit dat hy die beloftes daarin geglo het (Gen 15:6, Jak2:23). Die feit dat hy deur geloof in die Verbond van gernade toegetree het, sê egter nie, soos wat dit ook by die vorige punt van Adam en Eva genoem is, dat sy hele nageslag ook nou in die Verbond van genade is nie – “Deze blijde boodschap geloofde Abraham, niet voor de heidenen, die nog komen en gelooven zouden, maar voor zich zelven..” Dat die verkondiging van die Evangelie, met as inhoud die Verbond van genade, egter nie net by uitsondering aan Adam, Eva en Abraham verkondig is nie blyk duidelik uit Heb 4:2 – “Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.” Uit hierdie vers uit Heb is dit ook baie duidelik dat nie almal aan wie die Evangelie verkondig is, dit geglo het en sodoende in die Verbond van genade ingetree het nie. Dit staan egter soos ‘n paal bo water – die Evangelie is in die OT verkondig, die uitverkorenes het dit geglo en so deel van die Verbond van genade geword – in die Ou Testament.

- Die Borg van die Verbond van genade was in die selfde krag in die OT teenwoordig as ook nou in die NT. Daarom kan ons dit stel dat die Verbond van genade ook in die OT bestaan het. Hierdie feit blyk duidelik uit Heb 13:8 – “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.” As hier deur die apostel van ‘gister’ gepraat word dui dit op die tyd voor Christus se geboorte, naamlik die tyd van die OT. In Openb 13:8 leer mens ook dat Jesus Christus se soendood – dit wat die ingang van die uitverkorenes in die Verbond van genade moontlik maak – al geldend was voor die grondlegging van die wêreld – “En allen, die op de aarde wonen, zullen hetzelve aanbidden, welker namen niet zijn geschreven in het boek des levens, des Lams, Dat geslacht is, van de grondlegging der wereld.”[10] Uit hierdie Skrifgedeeltes leer ons dus dat die Verbond van genade en die ingang daarin deur die uitverkorenes al geldend was vanaf die OT.

- Die uitverkorenes in die OT het al die geestelike goedere van die Verbond van genade besit. Daarom moes hulle ook self in die Verbond gewees het. Hierdie feit blyk uit die volgende: (a) God was ook hulle God en Vader – Ex 20:2; Jes 41:10; 64:8; Jer 3:4; (b) hulle het ook die vergewing van sondes – Ps 65:4; Ps 32:5; (c) hulle het ook die Gees van aanneming tot kinders – Rom 9:4; 2 Kor 4:13; Ps 143:10; (d) hulle het gewetensvrede voor God – Ps 4:8; Ps 62:2; (e) hulle het ‘n kinderlike omgang met God – Ps 139:18; Ps 73:28; (f) hulle was die heiligmaking deelagtig – Ps 119:97.

[10] απὸ καταβολης κόσμου word in die 1933/53 vertaling as ‘n voorsetselfrase, wat ‘welker namen niet zijn geschreven in het boek des levens’ verder beskryf, gebruik. Ek, wat ‘n 2de jaar Grieks student is, moet sê dat ek hier meer van die State vertaling hou omdat dit die woordorde van die Grieks meer natuurlik weergee.

Uit al bogenoemde blyk dit duidelik dat die verbond van genade alreeds van die begin af in werking was en nie net ‘n Verbond in die NT is nie.

Teenoor dit wat die Skrif hier leer word die volgende tee gewerp:

- “In ‘t OT hebben ze de beloften niet verkregen – Hebr 11:13. Hierop word soos volg geantwoord: “De beloften, op welke de apostel hier ziet van Christus in het vleesch, den welken zij van verre hebben gezien, geloofd en omhelsd.”

- “Heb 7:19, De Wet heeft geen ding volmaakt.” Hierop word soos volg geantwoord: “De ceremonieële wetten, van welke de apostel spreekt, hadden de kracht van voldoening niet, maar wezen op Cristus, en waren alzoo de aanleiding tot eene betere hope; door het geloof in eene toekomenden Messias waren zij in Hem volmaakt, Col 2:13.”

- Heb 9:8, “....dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie.” Hierop word dan soos volg geantwoord: “De apostel zegt niet, dat niemand in dien tijd in den hemel gekomen is, dat zullen partijen zelven niet durven zeggen.......maar hij zegt, dat Christus zelf nog in het vleesch niet was gekomen, die doen zou, dat de geheele tabernakeldienst niet kon teweegbrengen, namelijk, zalig maken.”

- 2 Tim 1:10, uit hierdie vers leer mens dat Christus die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die Evangelie. Hieruit vloei dan dat die lewe en die onverderflikheid voor die koms van Christus nie daar was nie. Hierop word dan soos volg geantwoord: Dit is waar dat Christus die lewe en die onverderflikheid kom openbaar het, “maar hij zegt niet, dat Christus dat alleen met zijne komst gedaan heeft, en niet voor zijne komst.” Soos daar al getoon is, is Christus immers gister, vandag en tot in ewigheid die selfde. Dit is dus nie so dat die Evangelie nie ook in die OT in sy volheid verkondig is en die uitverkorenes se deel geword het nie. Wat wel so is, is dat die verkondiging van die Evangelie in die NT ook na die heidene deurbreek. Iets wat in die tyd van die OT nie so was nie.

- Heb 11:39-40, “En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.” En 1 Petr1:12, “Aan hulle is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar vir ons dié dinge bedien het wat julle nou aangekondig is deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien.” “Uit deze teksten blijk, dat zij in het OT deze goederen niet hebben gehad.” Hierop word dan soos volg geantwoord: “De teksten spreken nadrukkelijk van de komst van Christus in het vleesch en ‘t is openbaar dat zij in hunnen tijd de beloften niet hebben verkregen......zoo genieten wij betere dingen dan zij, die zooveel beter zijn, als de vervulling beter is dan de belofte. Hieruit blijk, dat de teksten niet spreken van de genieting van de goederen des Verbonds, die zij zoowel deelachtig waren als wij, gelijk getoond is, en de apostel in den tekst zelf dat aanwijst, als hij zegt: opdat zij zonder ons niet zouden volmaak worden. Zoo werden zij dan volmaakt, doch niet door de werken der wet, maar door

Christus, wiens komst zij in de beloften hadden, en wij in de vervulling hebben, en zoo worden zij niet door eene andere oorzaak zalig dan wij, maar wij en zij door denzelfden Borg;"

**12.2 Die tweede vraag: Het God behalwe die Verbond van genade ook 'n ander uiterlike verbond in die Ou of Nuwe Testament opgerig? (bl 377-382)**

Voordat hierdie vraag beantwoord kan word moet mens eers weet wat 'n uiterlike verbond is. 'n Uiterlike verbond is die volgende:

- 'n Uiterlike verbond is 'n verbintenis tussen God en die mens, wat inhou 'n verhouding van vriendskap en eenheid.
- Die partye in 'n uiterlike verbond sal dan noodwendig aan die eenkant die heilige God en aan die anderkant die afskuwelike, sondige en onbekeerde mens wees.
- Die beloftes van die uiterlike verbond is geheel en al net uiterlik, bv. die land Kanaan of kos, klere en versorging in hierdie lewe.
- Die voorwaardes van die uiterlike verbond is uitwendige gehoorsaamheid, "zij zouden volstaan met de wet der tien geboden, en der plechtigheden uitwendig te onderhouden; en nu met kerkgaan, belijdenis des geloofs te doen, de sachramenten te gebruiken, en dit alles maar uiterlijk zonder 't hart daarbij te hebben."
- 'n Uiterlike verbond sou geen Middelaar hê nie maar sou direk tussen God en die mens gewees het.
- 'n Uiterlike verbond sou in die OT 'n volksverbond gewees het met die fisiese nageslag van Abraham. Verder sou dit 'n heenwysende verbond wees om "den geestelijken dienst in den dagen des NT af te beelden." In die NT moet 'n uiterlike verbond dan dien om 'n uitwendige Kerk daar te stel.

Die vraag is nou of daar so 'n uiterlike verbond bestaan. Sommige ontken dat daar in die NT so 'n uiterlike verbond bestaan, maar stel dat dit wel in die OT bestaan het. Daar is egter sommiges wat sê dat daar ook vandag in die NT 'n uiterlike verbond bestaan. Teenoor hierdie standpunte sê Abrakel dan: "Wij maken ondescheid tusschen eene uitwendige inlating in het Verbond der Genade, en tusschen een uitwendige Verbond. Wij zeggen, dat er in alle tijden zoodanigen zijn, die zich uitwendig inlaten in het Verbond der Genade, en zich maar uitwendig, zonder waar geloof en bekeering, onder de bondgenooten onergerlijk dragen, maar hun uitwendig gedrag maakt geen uitwendig verbond; en God is met dat uitwendig gedrag niet tevreden, maar zal dezulken, die Hem vleien met hunnen mond, en Hem liegen met hunne tong, buitengewoon straffen. Daar is dan wel eene uitwndige inlating in het Verbond der Genade, maar gee uitwendige Verbond; 't welk wij aldus toonen:"

- Niemand beoog 'n verbond met God waarin hy net tydelike fisiese voordele verkry nie.

- So 'n uiterlike verbond, wat 'n verhouding van vriendskaplikheid behels tussen God en die mens, is onmoontlik gesien teen die agtergrond van God se heilige natuur en die mens se totaal bose natuur. God kan nooit tevrede gestel word met sogenaamde goeiewerke wat nie uit 'n ware geloof gedoen word nie (Jes 29:13-14). "Nog verder; hoe kan het met de waarachtigheid Gods overeenkomen, uitwendige vriendschap en inwendigen en waarachtigen haat te hebben; uiterlijk te zegenen door een verbond, en

inwendig en waaracgtig te verdoemen; uitwendig een eigendom in vriendschap te zijn, en inwendig en waarachtig een volk der verbolgenheid te zijn?" Hierteen kan egter ingebring word dat God sekere mense tog 'uitwenige' seën, soos die goddelose koning Agab – "Het jy gesien dat Agab hom voor my aangesig verneder het? Omdat hy hom voor my aangesig verneder het, sal Ek die onheil in sy dae nie bring nie; in die dae van sy seun sal Ek die onheil oor sy huis bring." Hierop word soos volg geantwoord: "'t Is wat anders, of God door zijne gemeene goedheid aan goddeloozen bij het een of ander voorval uitwendige weldaden geeft,.......En 't is wat anders of God zulks doet door een uitwendig verbond, door eene verbintenis met de onbekeerden en goddeloozen, om op een uitwendig goed gedrag hun uitwendige zegeningen te geven; dit ontkennen wij ernstig."

- 'n Uiterlike verbond, wat 'n verhouding van vriendskaplikheid behels tussen God en die mens sonder 'n Middelaar, loop uit op 'n onbybelse Middelaarlose godsdiens – "want kan God zonder Middelaar der verzoening een verbond van vriendschap met eenen zondaar oprichten, om op uitwendige gehoorzaamheid uitwedige zeginingen te geven, zoo kan God ook een verbond van zaligheid zonder Middelaar der verzoening oprichten, belovende het eeuwige leven aan alle oprechte godzaligen."

- God het geen verbond opgerig sonder dat die verbond nie met sakramente beseël word nie. In die Verbond van genade is die sakramente die besydenis en die pasga – in die OT – en die doop en die nagmaal – in die NT. Die sakramente van die Verbond van genade wys dan heen na die versoeningswerk van Christus en is 'n seël van die geregtigheid wat deur middel van die geloof die uitverkorenes se deel word (Rom 4:11). 'n Uiterlike verbond het egter geen Middelaar nie en niemand in die verbond kan daarom die geregtigheid deur middel van die geloof ontvang nie, en daarom kan daar aan niemand in so 'n uiterlike verbond die sakramente bedien word nie. 'n Mens het dus hier te doen met 'n verbond wat nie beseël kan word met sakramente nie, en daarom kan daar nooit so 'n verbond deur God met mense opgerig wees nie.

- Alles wat in 'n uiterlike verbond gestel word, word in die Verbond van genade omvat, naamlik uitwendige gehoorsaamheid – dit kan nie anders nie as gevolg van die belofte van die Heilige Gees se heiligmakende werking in die bondelinge – en ook die uitwendige beloftes wat die bondelinge se deel is.

Teen hierdie standpunte wat bewys dat daar nie 'n uiterlike verbond bestaan nie maar net 'n uitwendige inlating in die Verbond van genade word die volgende in gebring:

- "Men zal zeggen, al deze redenen hebben geen klem, dewijl het uiterlijke verbond het Genade-verbond veronderstelt, en met hetzelve samegaat." Hierop word soos volg geantwoord: (a) Die twee verbonde kan nie met mekaar saamgaan nie as gevolg van hulle totaal verskillende nature; (b) "De onbekeerden, schoon zij zich uitwendig in het Verbond der Genade inlaten, zoo zijn zij toch in hetzelve niet; maar in het uitwendige verbond zouden zij iegenlijke en ware lidmaten zijn, en zoo zonder eenig opsicht van het

Genade-verbond: zij, niet zijnde ware leden van het Verbond der Genade, en zoo zonder Christus, en zonder belofte, worden gesteld tot ware leden van dit uiterlijke verbond. Zoo komt dan het Genade-verbond hier in geene overweging; het geeft er niets toe, dat met hen een uitwendig verbond opgericht wordt, veronderstellende het Genade-verbond;"

- "In het OT moest de gehele natie, hoofd voor hoofd, godloozen en godzaligen, ingaan; zij moesten allen de sakramenten gebruiken, en zij allen waren ook in dat verbond en gebruikten de sacramenten en zij verbraken velen dat verbond; dies was daar een uitwendig verbond in de gehele natuur van het Verbond der Genade verscheiden; want dat is alleen met de geloovigen opgericht, en dat kan niet verbroken worden." Hierop word dan soos volg geantwoord: (a) Die Verbond van genade is 'n onbegryplike genade daad van God. As iemand nou by die aanbieding van die Verbond van genade aan hom, weier om dit te aanvaar is dit "de uiterste godloosheid." Daarom is elkeen aan wie die Evangelie verkondig word verplig, om met groot graagdheid, die aanbieding van die Verbond van genade daarin, aan te neem. Daarom is die feit dat die hele volk in die Verbond moes ingaan (zij moesten allen de sakramenten gebruiken, en zij allen waren ook in dat verbond) nog geen bewys van 'n uiterlike verbond nie. (b) As iemand as godddelose in die Verbond ingaan is dit nie te sê dat hy goddeloos sou bly nie. "Als iemand dan goddeloos bleef, dat was een blijk, dat hij niet in waarheid met God handelde, gelijk hij verplicht was te doen, maar dat hij alleen uitwendig in de vertooning voor de menschen inging, en dat hij geen ware bondgenoot was." (c) Die sakramente moes in ware geloof gebruik word. As dit nie so gebruik was nie was dit 'n terging van die HERE, want geen goddelose het die reg om die sakramente te gebruik nie – "Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond" (Ps 50:16). (d) Die goddeloeses het slegs in die skyn toegetree tot die Verbond van genade. As hulle dan die Verbond verbreek toon hulle met hul daad dat hulle nooit werklik aan die Verbond behoort het nie. "Hunne breuk was niet ten opzichte van een uitwendig verbond, maar ten opzichte van het Verbond der Genade, in 'twelk zij zich uitwendig hadden igelaten; hoedanig de inlaten was, zodanig was ook het verbreken. Zij vernietigden zooveel als in hen was het Verbond der Genade, door het te veranderen in een verbond der werken." (e) God het met die hele volk Israel in die algemeen die Verbond van genade opgerig. Dit beteken egter nie dat Hy dit met elkeen, kop vir kop opgerig het nie – "ieder moest voor zich zelven waarlijk door het geloof in dat Verbond ingaan."

- "In 't NT bestaat de Kerk uit ware geloovegen en uit onbekeerden, die doorgaans verre de meesten zijn. De onbekeerden zijn niet in het Genade-verbond, en zijn evenwel bongenooten, dies zijn ze een uitwendig verbond, te welken opzichte daar ook is eene uitwendige Kerk, en te dien opzichte worden de kinderen der geloovigen ook, die in hun opwassen toonen dat ze goddeloozen zijn, heilig genoemd, 1 Cor 7:14, 'twelk niet anders kan zijn dan eene heiligheid des uitwendigen verbonds. Zoo is er dan zoodanig verbond." Hierop word dan soos volg geantwoord: (a) Die onbekeerdes is in die Kerk maar nie van die Kerk nie. (b) Daar bestaan geen uitwendige Kerk anders as in die uitwendige samekomste nie. Daar is dus geen uitwendige Kerk wat betref die lidmate nie. Mens het dan hier 'n geval van die "kwade vermengd

zijnde onder de goede." (c) "De kinder der gelovigen worden heilig genoemd, niet ten opzichte van een uitwendig, maar ten opzichte van het Genade-verbond, in 'twelk zich de ouders, 'tzij waarlijk, 'tzij alleen uitwendig, hebben ingelaten, en in hetwelk zij ook hunne kinderen mogen ingeven, gelijk ze doen als zij ze laten doopen; want ook zij beoogen geen ander Verbond, dan door 'twelk zij en hunne kinderen zouden zalig worden."

"Dus hebben wij het Verbond der Genade in alle omstandigheden voorgesteld, wenschende dat een eigelijk er op verliefde, en waarlijk in hetzelve inging. Amen."

## My gevolgtrekking.

In hierdie twee hoofstukke verduidelik Abrakel die Verbondshandeling van God met die uitverkorenes aan die hand van die Verlossingsverbond en die Genadeverbond. In hierdie verbondshandeling van God met die uitverkorense gaan die Verlossingsverbond die Genadeverbond vooraf. Die Verlossingsverbond is verder ook die fondament waarop die Genadeverbond staan. Maar wat behels hierdie twee verbonde? Ek gaan nou aan die hand van wat Abrakel leer, dit wat hierdie twee verbonde behels, probeer uiteensit.

1. **Die Verlossingsverbond.**
   Die partye in die verbond is God die Vader en God die Seun – Jesus Christus. Abrakel gee dan ses bewyse dat daar so 'n verbond bestaan tussen God die Vader en God die Seun[11]. Die duidelikste van hierdie bewyse is vir my die volgende:
   - Psalm 89:28[12] – "Vir ewig sal Ek my goedertierenheid vir hom bewaar, en my verbond bly vir hom vas." En Psalm 89:34 – "Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie."
   - Sagaria 6:12-13[13] – "en sê vir hom dit: So spreek die HERE van die leërskare: Kyk, daar kom 'n Man wie se Naam is Spruit, en Hy sal uit sy plek uitspruit, en Hy sal die tempel van die HERE bou. Ja, Hy sal die tempel van die HERE bou, en Hy sal majesteit verkry en sit en heers op sy troon; ook sal Hy 'n priester wees op sy troon, en die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan."

   Maar waarom bestaan die Verlossingsverbond? Die Verlossingsverbond is 'n verbond waarin daar ooreen gekom word oor die wyse waarvolgens die uitverkorenes verlos sal word.[14]

   Hierdie ooreenkoms bestaan dan daarin dat die Vader aan die Seun bevele en voorwaardes stel om na te kom, beloftes maak wat die Seun se deel sal word as Hy die bevele en voorwaardes na kom. Verder gee die Vader ook Sy versekering dat dit wat Hy belowe het, verseker die Seun s'n sal word deur die nakoming van die voorwaardes.

   Dat daar bevele en voorwaardes is wat die Seun dan in die verlossingsverbond moet na kom, blyk uit die volgende:[15]

---

[11] Sien punt 4 (Dat daar wel so 'n Verbond tussen die HERE en Jesus Christus gemaak is, blyk uit die volgende) op bl 3
[12] Sien punt 4 a bl 3
[13] Sien punt 4 b bl 3
[14] Sien punt 3 bl 3
[15] Vir wat hierdie bevele en voorwaardes behels sien punt 5a bl 5.

- Joh 12:49-50 – “Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek – net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.”
- Joh 10:18 – “Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.”

Die Seun stem egter ook daartoe in om hierdie bevele en voorwaardes na te kom, soos uit die volgende blyk:[16]

> “Heb 10:5-10 – “Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei. Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie. Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om u wil te doen, o God. Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie – wat volgens die wet geoffer word – het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om u wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel. Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal.”

Dat die Vader beloftes aan die Seun maak wat Sy deel sal word as Hy die bevele en voorwaardes van die Verlossingsverbond na kom, blyk uit die volgende:[17]

- Die Vader se welbehae sou deur die Seun tot uitvoering gebring word (Jes 53:10).
- Die Seun sal Koning wees oor alle uitverkorenes, oor Jode sowel as heidene (Ps 2:6-8, Ps 72:8 en 11).
- Die Seun sal mag oor alles hê (Matt 28:18, 1 Kor 15:27).
- Die Seun sal ‘n hoë en eervolle plek ontvang (Hebr 1:3 en Openb 3:21).
- Die Seun sal regter wees oor die hele skepping (Joh 5:27 en Hand 17:31).
- Ten opsigte van die uitverkorenes beloof die Vader aan die Seun dat die uitverkorenes deur Hom al die gawes van die genadeverbond sal ontvang, naamlik vergewing van sondes, versoening, aanneming tot kinders, vrede, heiligmaking en ewige heerlikheid (Luk 12:32 en Rom 8:32).

Dat die Vader die versekering gee dat hierdie beloftes werklik die Seun s’n sal word blyk uit die volgende:[18]

- Ps 89:36 – “Een maal het Ek gesweer by my heiligheid: Waarlik, Ek sal vir Dawid nie lieg nie!”
- Mat 3:17 – “En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.”
- Mat 17:5 – “Terwyl hy nog spreek, oordek 'n helderligte wolk hulle meteens en daar sê 'n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!”

Nadat die Seun dan die bevele en die voorwardes nagekom het, eis Hy die beloftes wat die Vader aan Hom gemaak het op, op grond van die versekering wat die Vader aan hom gegee het (Joh 17:4-5 en 24).[19]

---

[16] Sien ook punt 6b bl 6.
[17] Sien punt 5b bl 4.
[18] Sien punt 5c bl 6.
[19] Sien punt 6c bl 6.

Ten slotte is die Verlossingsverbond dan ook die grond van die Genadeverbond. Abrakel sê hieroor die volgende:

- "Het verbond der genade en onze verbondhandeling met God in Christus heeft zijnen oorsprong en zijnen grond op dit verbond der verlossing tusschen God en Christus; hieruit vloeit het begin, midden en einde van des menschen zaligheid."[20]
- Ten opzichte van de uitverkorene belooft de Vader Hem, dat de uitverkorenen door Hem zouden ontvangen alle de goederen van het genadeverbond, naamelijk, vergewing der zonden, verzoening, aanneming tot kinderen, vrede, heiligmaking en eeuwige heerlijkheid."[21]

**2. Die Genade Verbond.**

Abrakel begin sy behandeling van die Genadeverbond met 'n bespreking van die term 'Verbond' in die Skrif. Na 'n bespreking van die woord ברית *beriet* – die Hebreeuse woord vir verbond – en van die woord διαθήκη *diatheekee* – die Griekse woord vir testament – maak Abrakel die volgende opmerking, wat volgens my die betekenisse van die twee woorde goed saamvat: "De Grieke noemen een verbond διαθήκη; met dat woord vertalen de LXX *(die Griekse OT)* het woord ברית. In het NT wordt het dan Verbond, dan Testament overgezet......Dit onderscheid is onder andere tusschen een testament en een verbond, dat in het maken van het eerste geene toestemming van den erfgenaam van noode is, en dat tot het tweede de toestemming van beide partijen vereisct wordt. Het woord διαθήκη, past zeer wel en met nadruk op het Verbond der Genade; want het is een verbond dat iets van een testament in zich besluit, en 't is zulk een testament dat iets van een verbond in zich heeft."[22]

Na hierdie bespreking van die term 'Verbond' in die Skrif kom Abrakel dan tot die volgende gevolgtrekking oor wat 'n verbond is. Hy skryf soos volg:

> "Maar eigenlijk is een verbond eene onderlinge verbintenis van twee of meer persone, eenige zaaken, onder eenige voorwaarden, elkanderen belovende. Tusschen God nu en den mensch is dusdanig een eigenlijk gezegd Verbond der Genade, welke is eene heilige, heerlijke, welgeordineerde en eeuwigdurende overeenkomst of verdrag tusschen den Algenoegzamen, Goeden, Almachtigen, Rechtvaardigen, Getrouwen, Waarachtigen en Onveranderlijke God aan de een zijde; en tusschen de uitverkorenen, die in natuur zondig, verdoemelijk, onmachtig, walglijk, hatelijk en ondragelijk zijn, aan de ander zijde; in welke God belooft de verlossing van alle kwaad, en de toebrenging van alle zaligheid uit Genade, door den Middelaar Jezus Christus; en in welke mensch met zijn hart, en vol genoegen in de beloften, en in den weg om tot de bezitting van de beloofde goederen te komen, in het Woord voorgesteld, toestemt, dezelve aanneemt, en zich daartoe in dat verbond aan God overgeeft, het welk God, tot verzekering van de bondgenooten, door sacramenten verzegelt; alles tot verheerlikijng van de vrije en ondoorgrondelijke Genade Gods."[23]

---

[20] Abrakel, 1893: 216 vol 1.
[21] Abrakel, 1893: 212 vol 1.
[22] Abrakel, 1893: 352 vol 1. sien ook punt 1 bl 9-10.
[23] Sien punt 1 bl 10.

Hier gee Abrakel dus vir mens 'n definisie van 'n verbond maar dan ook van die Genade Verbond. Sy definissie van 'n verbond behels dan die volgende:

> *'n Verbond is 'n wedersydse ooreenkoms tussen twee of meer persone. Binne hierdie ooreenkoms geld daar dan sekere voorwaardes,wat nagekom moet word deur die partye, en daar is sekere beloftes wat die partye se deel word op grond van die nakoming van die voorwaardes.*

Uit hierdie definissie van 'n verbond vloei dan Abrakel se definissie van die Genadeverbond voort, wat die volgende behels:

> *Die Genadeverbond is 'n ewigdurende ooreenkoms, wat bestaan tussen God en die uitverkorenes. In hierdie verbond beloof God saligheid op grond van Christus se verlossingswerk. Op sy beurt stem die uitverkorene heelhartiglik met die beloftes en die weg waarlangs die beloftes sy deel word in. So gee hy homself dan oor in 'n Verbond met God – hy tree met God in 'n Verbondsverhouding. Die besit van dit wat deur God beloof is word dan deur God vir die uitverkorene verseël deur die sakramente.*

Hier kan dan ook genoem word dat die doel van hierdie Verbondsoprigting die openbaring van God se genade, goedheid, wysheid, regverdigheid en mag is en dan spesifiek ten opsigte van die uitverkorene, om uit liefde hom tot saligheid te bring.[24] Vanuit hierdie definissie vloei die res van Abrakel se behandeling van die Genadeverbond dan voort.

In die *eerste* plek kan mens dan hier let op die eienskappe van die Genadeverbond[25]. Abrakel gee hier agt eienskappe waarvan die volgende vyf vir my die belangrikste is:

- In die Genadeverbond is daar wedersydse betrokkenheid. Hierdie wedersydse betrokkenheid behels dat die uitverkorene instem met dit wat God Hom bied by die oprigting van die Genadeverbond.[26]
- Die Genadeverbond is werklik 'n verbond van genade. Die mens doen dus niks van sy kant om in die Verbond van genade met God te staan nie.
- In die Genadeverbod word die heiligmaking van die uitverkorenes gewaarborg.[27]
- Die Genadeverbond is 'n verbond van vrede en vriendskap (Jes 54:10; Gen 12:3; Ps 119:63; Ps 139: 21-22).
- Die Genadeverbond is 'n ewige verbond. Die ewige karakter van die verbond bevestig ook die onverbreekbaarheid daarvan (Jes 54:10; Rom 9:11; Ps 89:35 – hier sien mens ook die koppeling tussen die Verlossingsverbond en die Genadeverbond; Heb 9:17; Ps 146:6; Heb 6:17).

In die *Tweede* plek moet die Uiteverkorene dan weet dat God met hom die Genadeverbond oprig en dat hy met God in 'n Verbondsverhouding moet tree[28]. Van hierdie oprigting van die Genadeverbond en die toetrede in die Genadeverbond gee Abrakel dan dertien Skrifbewyse, wat eerstens handel oor die feit dat God die Genadeverbond oprig en in die tweede plek handel oor die toetrede van die

---

[24] Sien punt 6 bl 18.
[25] Sien punt 7 bl 19.
[26] Sien punt 5 bl 18 vir wat Abrakel bedoel met wedersydse betrokkenheid.
[27] Sien ook punt 3e bl 15.
[28] Met die term 'toetree', wat Abrakel baie in sy behandeling van die Genadeverbond gebruik, verstaan ek die uitverkorene se verstaan, sy instemming met en vertroue op 'n stel proposisies wat in die verkondiging van die evangelie (die aanbieding van die Genadeverbond) aan hom gestel word – hy glo dus in die proposisies.

uitverkorene in die Genadeverbond. Van die dertien Skrifbewyse is die volgende agt vir my die belangrikste:[29]

Skrifbewyse wat handel oor die oprigting van die Genadeverbond.

- Genesis 15 – daar sluit God met Abraham ‘n verbond (let veral op vers 18 en ook op Gen 17:7).
- Jeremia 31:31-34 – “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie – my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.”
- Jeremia 32:38-40 – “En hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. En Ek sal hulle een hart en een weg gee om My altyd te vrees, hulle ten goede en hulle kinders ná hulle. <u>En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie; en Ek sal my vrees in hulle hart gee, sodat hulle van My nie afwyk nie</u>.”

Skrifbewyse wat handel oor die toetrede in die Genadeverbond.

- 2 Kron 15:12 – “En hulle het die verbond aangegaan om die HERE, die God van hulle vaders, met hul hele hart en met hul hele siel te soek.”
- Esegiël 20:37 – “En Ek sal julle onder die herderstaf laat deurgaan en julle bring in die band van die verbond.” (hierdie vers verwoord vir my ons toetrede tot die verbond wonderlik).
- Jesaja 44:5 – “Die een sal sê: Ek behoort aan die HERE; en die ander sal die naam van Jakob uitroep; en die ander sal met sy hand skrywe: Ek behoort aan die HERE, en hom met die erenaam Israel noem.”

Uit bogenoemde Skrifbewyse is dit dan duidelik dat dat daar ‘n Verbondshandeling tussen God en die uitverkorenes bestaan. Hierdie Verbondshandeling behels dat God die Verbond oprig deur aanbieding en belofte en dat die uitverkorenes dit glo[30] en oorgaan in die Verbond. Abrakel maak dan ook die volgende opmerking: “Gelijk de Heilige Skrift deze verbondshandeling voorstelt, zoo is ze ook altijd in de Kerk geleerd en gebruikt, niet alleen voor de antichrist, maar ook terstond met de hervorming......’t Wordt in de formulieren van den H. Doop en het H. Avondmaal, en van het huwelijk aangedrongen.”[31]

Maar hoe is dit moontlik dat daar so ‘n Verbondshandeling tussen God en die uitverkorenes kan plaas vind? Dit terwyl die uitverkorenes net soos alle ander mense erfgename is van die sonde en self ook sonde doen. Hierdie vraag bring mens dan by die kwessie oor die middellaar van die Genadeverbond[32]. Dit is ook op hierdie

[29] Sien punt 1 bl 11-12.
[30] Hulle hoor die aanbieding van die beloftes in die evangeliverkondiging, hulle aanvaar dit as waar en hulle vertrou daarop dat dit hulle verlossing is.
[31] Abrakel, 1893: 354 vol 1.
[32] Sien punt 4 bl 18.

punt waar die genadeverbond vir my uit die Verlossingsverbond ontspring. Jesus Christus is die middelaar van die Genadeverbond. En dit is juis in die uitvoering van hierdie middelaarsamp van Hom dat Hy die voorwaardes van die Verlossingsverbond na kom. Jesus Christus staan nou op twee maniere vir die uitverkorenes by God in. Ten eerste neem Hy hulle sondes op Homself asof Hy dit gedoen het en dra daarvoor in hulle plek die straf daarvoor (1 Petr 2:24). Tweedens kom Hy die wet volmaak na in die plek van die uitverkorenes en maak so deur Sy gehoorsaamheid van die uitverkorenes regverdiges (Rom 5:19). Met hierdie middelaarswerk, vooraf bepaal in die Verlossingsverbond, maak Jesus Christus dus verbondshandeling tussen God en die uitverkorene moontlik in die Genadeverbond.

In die *derde* plek gaan dit nou oor die twee partye, wat opgrond van die versoeningswerk van die Middelaar van die Genadeverbond, soos ooreengekom in die Verlossingsverbond, met mekaar in 'n verbond staan. Die twee partye, soos reeds in die definisie van die Genadeverbond vermeld, is God en die uitverkorenes. Maar wat is nou die dinge wat in die Genadeverbond aan die uitverkorene beloof word, of anders gestel wat word aan hom gebied?[33] God beloof aan die uitverkorene in die Genadeverbond die volgende:

- God bied as voorwaarde van die Verbondsoprigting verlossing van sonde.[34]
- God beloof bevryding van Sy toorn.
- God beloof bevryding van die vloek.
- God beloof verlossing van alle ligaamlike swaarkry en dood.
- God beloof verlossing uit die geweld van die duiwel.
- God beloof bevryding van die heerskappy van die sonde.
- God beloof bevryding van die ewige verdoemenis.
- God bied Homself aan om die God van arme boetvaardige sondaars te wees.
- God beloof Sy Gees aan die uitverkorenes.
- God beloof 'n vriendskapsband tussen Hom en die uitverkorenes, soos tussen vader en kind.
- God beloof vrede.
- God beloof heiligmaking in 'alle deelen'.
- God beloof die bewaring van die uitverkorenes.
- God beloof ewige saligheid.

Daar is nou gesien wat God in die Genadeverbond aan die uitverkorene beloof of aanbied. Maar wat moet die uitverkorene nou doen om hierdie beloftes te verkry of anders gestel, watter voorwaardes moet die uitverkorene nakom om deel te hê aan hierdie beloftes?[35] Abrakel antwoord op hierdie vraag soos volg: "Ik zeg dan: aan des menschen zijde zijn gansch geene voorwaarden, die God als voorwaarden

[33] Abrakel lei die gedeelte wat gaan oor dit wat god in die Genadevrbond beloof of bied, soos volg in: "Eerst zullen wij voorstellen wat goederen en beloften aan de zijde Gods worden uitgeboden en gepresenteerd; en dan zullen wij zien, welke voorwaarden aan de zijde van den mensch toegebracht zouden moeten worden" (Abrakel, 1893: 357). Sien ook punt 3 bl 13-16.

[34] Hierdie sin word deur Abrakel as volg gestel: "God biedt als eene voorwaarde des Verbonds aan verlossing van alle zonden (Jer 31:33-34)" (Abrakel, 1893: 358).

[35] Abrakel lei die gedeelte, wat handel oor die voorwaardes wat die mens moet nakom, soos volg in: "Laat ons eens bezien wat voorwaarden God wederom van den mench eischt" (Abrakel, 1893: 362).

eischt, en die de mensch als voorwaarden belooft."[36] Op grond waarvan kan Abrakel bogenoemde stelling maak? Hy verdedig hierdie stelling soos volg:

- Jesaja 55:1 – "o Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk!
- Openbaring 21:6 – "En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."
- Openbaring 22:17 – "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."[37]
- Die mens kan uit homself geen voorwaarde nakom nie.
- Dit gaan immers hier om die Verbond van Genade. Daarom kan hier nie sprake wees van voorwaardes wat na gekom moet word nie – soos by die verbond van die werke (Rom 11:6).
- Indien daar van die mens 'n kondissie of voorwaarde geëis sou word sou die Genadeverbond verbreek kon word. Dit sou dan verder veroorsaak dat "de geheiligden kunnen afvallen, 'twelk tegen den Bijbel is."
- "En zoo de mensch iets kon doen, en alzoo beloven, wat zou dat zijn? Bekering, liefde, heiligheid, gehoorzaamheid? Behalve dat hij niet kan, zoo worden die zaken aan de zijde Gods als voorwaarden beloofd. God biedt aan, dat Hij den mensch, die Hem in dit Verbond treedt, die zaken zal geven, gelijk boven is getoond. Zijn het nu voorwaarden, die God aan zijne zijde belooft in den mensch te zullen werken, zoo kunnen het geene voorwaarden zijn, die de mensch aan zijne zijde beloven zou te doen."[38]

In die *vierde* plek moet 'n mens dan let op die sakramente waarmee God die uitvrekorene verseker dat hy die beloftes van die Genadeverbond deelagtig is.[39] In God se verbonndshandeling het die sakramente in die Ou en Nuwe Testament verskil maar die doel daarvan was nog altyd die selfde. In die Ou Testament was die sakramente die Besnydenis en die Pasga, in die Nuwe Testament is dit die Doop en die Nagmaal. Die doel van hierdie sakramente is dan as volg:

- Die sakramente laat die uitverkorene elke keer by die gebruik daarvan weer sy oë rig op die beloftes wat sy deel is.
- By die gebruik van die sakramente word die uitverkorene se geloof in die sekerheid van die beloftes versterk.
- Deur die gebruik van die sakramente kry die uitverkorene 'n voorsmaak van die hemelse goedere wat aan hom beloof word.
- Deur die gebruik van die sakramente word die uitverkorene opgewek tot 'n lewe van heiligmaking.

---

[36] Abrakel, 1893: 362. Vir die weerlegging van die wat besware het teen hierdie standpunt, sien punt 3 bl 17-18. Die eerste twee punte waarmee Abrakel beswaar (a) op bl 17 weerlê staan glad nie vir my sterk genoeg nie.

[37] In verband met hierdie uitnodiging om te kom, sien ook Calvyn se kommentaar op Mat 11:25-30

[38] Abrakel, 1893: 362.

[39] Sien punt 8 bl 20-21.

Opsommend kan dan gesê word dat die doel van die sakramente daarop gemik is om die uitverkorene te wys op die onbreekbaarheid van die beloftes wat in die Genadeverbond sy deel geword het.[40]

In die *vyfde* plek moet daarop gelet word dat die Genadeverbond direk na die sondeval inwerking tree (Gen 3:15) en regdeur deur die geskiedenis is dit dan die wyse waarop God met die uitverkorenes in 'n verhouding staan.[41] 'n Mens kan dus sê dat die Genadeverbond die verwesentliking van die Verlossingsverbond, wat in ewigheid bestaan, in die geskiedenis is. Hierdie feit blyk dan uit die volgende:

- In Gen 3:15, direk na die sondeval beloof God die Verlosser, die een wat die kop van die slang sal vermorsel en wat veroorsaak dat God en die in sonde gevalle uitverkorenes weer in 'n verbond met mekaar kan staan. Abrakel maak dan hier, vir my, die volgende belangrike opmerking: "Christus, het zaad der vrouw, zulende den duivel den kop vermorzelen, wordt hier beloofd, en dat op te merken is, bij wijze van eene bedreiging, en dat aan de slang; 't is niet tot Adam en Eva gezegd, maar alleen ten aanhoore van haar; waaruit blijkt, dat het Verbond der genade niet is opgericht met Adam en Eva en in hen met alle hunne nakomelingen, gelijk het Verbond der werken met hen was opgericht; maar Adam en Eva deze belofte hoorende, moesten den beloofden Zaligmaker tot hunne vertroosting aannemen voor zich zelven, gelijk daarna ieder geloovige deed."[42]
- Die Evangelie, wat die aanbieding van die Genadeverbond is, is in die OT sowel as in die NT verkondig (Gal 3:8). Hier moet mens nou weer eens daarop let dat die Genadeverbond, soos verkondig in die Evangelie, vir Abraham en vir die wat soos hy geglo het, tot nut en voordeel was opgrond van die feit dat hulle die beloftes daarin geglo het (Gen 15:6; Rom 4:3; Jak 2:23). Die feit dat hulle deur geloof in die Genadeverbond toegetree het, sê egter nie dat hulle hele nageslag ook nou in die Verbond van genade is nie.
- Die Borg van die Genadeverbond is in die selfde krag reg deur die geskiedenis teenwoordig (Heb 13:8).

In die *sesde* plek ontstaan daar nou die vraag of daar iets soos 'n uitwendige verbond bestaan. Hierdie vraag wentel vir my rondom die volgende twee standpunte:

- "In het OT moest de gehele natie, hoofd voor hoofd, godloozen en godzaligen, ingaan; zij moesten allen de sakramenten gebruiken, en zij allen waren ook in dat verbond en gebruikten de sacramenten en zij verbraken velen dat verbond;

---

[40] Hier kan gelet word op die verskil in siening oor wat die doel van die sakramente is van Abrakel en D. Postma in sy boekie – Prediking en Verbond. In hierdie boekie sê D. Postma die volgende: "Waarvan is die sakramente tekens en seëls? Nie dat ons reeds salig is nie. Nie dat ons wedergebore is nie. Nie dat ons uitverkies is tot die ewige Saligheid nie. Nie dat ons 'n ingestorte genade ontvang het nie....Die verseëling van die beloftes appelleer dan juis op ons gelowige aanvaarding daarvan" (Postma, 1980: 22). Hier teenoor skryf Abrakel: "Opdat hij (die uitverkorene) telkens krachtiger versterkt worde in het geloof, en verzekerd zij van de gewisheid der beloften aan hem gedaan" (Abrakel, 1893: 368).

[41] Sien punt 12.1 bl 22-25.

[42] Abrakel, 1893: 372. Hieroor sê Thomas Boston, wat uit die Westminster tradissie kom en 'n tydgenoot van Abrakel was, die volgende: "Accordingly it is observable, that the first time the covenant of grace was heard in the world, the discourse was directed to the serpent, by way of narration, Gen 3:14-15; not to Adam, as the first covenant was, Chap 2:16-17; that Adam might know, he was to come in here as a private person only, and not as a public person with his seed" (Thomas Boston, A view of the covenant of grace, bl 30).

dies was daar een uitwendig verbond in de gehele natuur van het Verbond der Genade verscheiden; want dat is alleen met de geloovigen opgericht[43], en dat kan niet verbroken worden."[44]

- "In 't NT bestaat de Kerk uit ware geloovegen en uit onbekeerden, die doorgaans verre de meesten zijn. De onbekeerden zijn niet in het Genade-verbond, en zijn evenwel bongenooten, dies zijn ze een uitwendig verbond, te welken opzichte daar ook is eene uitwendige Kerk, en te dien opzichte worden de kinderen der geloovigen ook, die in hun opwassen toonen dat ze goddeloozen zijn, heilig genoemd, 1 Cor 7:14, 'twelk niet anders kan zijn dan eene heiligheid des uitwendigen verbonds. Zoo is er dan zoodanig verbond."[45]

Die kern van hierdie twee standpunte is vir my daarin geleë dat daar ook, volgens die wat hierdie standpunte huldig, goddelose mense in die Genadeverbond is. Dit kom so voor omdat almal in die OT en NT Kerk deel het aan die sakramente van die Genadeverbond, waardeur God die deelhê aan die beloftes van die Verbond aan die uitverkorenes bevestig. Hierdie toestand kom dan neer op 'n teenstrydigheid, want daar kan tog net uitverkorenes in die Genadeverbond wees. Daarom moet daar ook 'n uitwendige verbond bestaan – dus 'n verbond wat eg lyk maar nie eg is nie.

Abrakel antwoord nou op die standpunt dat daar 'n uitwendige verbond is soos volg:

> "Wij maken ondescheid tusschen eene uitwendige inlating in het Verbond der Genade, en tusschen een uitwendige Verbond. Wij zeggen, dat er in alle tijden zoodanigen zijn, die zich uitwendig inlaten in het Verbond der Genade, en zich maar uitwendig, zonder waar geloof en bekeering, onder de bondgenooten onergerlijk dragen, maar hun uitwendig gedrag maakt geen uitwendig verbond; en God is met dat uitwendig gedrag niet tevreden, maar zal dezulken, die Hem vleien met hunnen mond, en Hem liegen met hunne tong, buitengewoon straffen. Daar is dan wel eene uitwndige inlating in het Verbond der Genade, maar geen uitwendige Verbond;"[46]

Uit hierdie antwoord van Abrakel skiet hy dus die idee van 'n uitwendige verbond of 'n verbond wat oneg is al lyk dit eg af. Dus, Abrakel sê dat as mens na die 'Verbondsgemeenskap' kyk en jy daarin goddeloses sien, jy nie dan daaruit moet aflei dat daar 'n uitwendige verbond bestaan nie. Daar bestaan maar een Genadeverbond tussen God en die uitverkorenes en in die geskiedenis gebeur dit dat goddeloses hulle in hierdie gemeenskap uitwendig inlaat.

Die begrip uitwendig inlaat is vir my, as gereformeerde Boer, 'n moeilik verstaanbare begrip. Wat mens wel weet is dat die wat hulle self 'uitwendig inlaat' in die Genadeverbond goddeloos is, hulle is nie uitverkies nie – "Wij zeggen, dat er in alle tijden zoodanigen zijn, die zich uitwendig inlaten in het Verbond der Genade, en zich maar uitwendig, zonder waar geloof en bekeering, onder de bondgenooten

---

43 Om te sê dat die Genadeverbond met gelowiges opgerig is, is vir my 'n omskrywing wat ek ook in die Dortse leer-reëls kry. As VD 2:4 in die posetief geskryf word kry mens die volgende omskrywing van die Verbond wat God met die uitverkorenes het: *Die verbond bestaan daar in dat ons deur ons geloof (wat 'n gawe van God is – Sondag 25 HK), vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word.*

44 Abrakel, 1893: 381.

45 Abrakel, 1893: 382.

46 Abrakel, 1893: 378

onergerlijk dragen." Wanneer mens nou die term 'uitwendig inlaat' vir 'n Gereformeerde Boer verstaanbaar wil maak, help dit om te kyk wat Abrakel leer oor die Kerk. Hy skryf soos volg hieroor:

> "Daar is geen uiterlijke verbond tusschen God en den mensch, noch in het OT noch in het NT opgericht, in 't welk onbekeerden zijn. Dienvolgens is daar ook geene uiterlijke kerk, in welke onbekeerde lidmaten zijn.....de kerk het verbond tot eenen grond....Zulk een verbond, zulk eene kerk. Alle ware leden van de kerk hebben recht tot het gebruik der Sacramenten, waardoor hun de goederen des verbonds worden verzegeld (Rom 4:11; 1 Kor 10:16; Matt 26:26-28)......Nu de onbekeerden hebben geen recht tot de Sacramenten, dewijl zij geen recht noch deel hebben aan de verzegelde goederen, dewijl zij zich zelfen een oordeel eten en drinken."[47]

Dit is dus duidelik dat die mense wat waarlik aan die kerk behoort ook in die Genadeverbond is – "de kerk het verbond tot eenen grond." As mens nou die saak van mense wat hulself uitwendig in die Genadeverbond inlaat uit die gesigspunt van die kerk beskou, kom mens uit by die bekende taal van NGB art 29 – "....Ons praat nie hier van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is..." Dit sou dus moontlik wees om dit wat Abrakel 'uitwedig inlaat' noem, as volg te stel:

> "Wij maken ondescheid tusschen eene uitwendige inlating in/***huigelagtige deelname aan*** het Verbond der Genade, en tusschen een uitwendige Verbond."

Na my mening ontstaan die behoefte om van 'n uitwendige verbond te praat, daar waar die gemeenskap van die Genadeverbond – die Kerk – sigbaar word en daar gevind word dat daar nou ook huigelaars binne hierdie gemeenskap is. In plaas van om nou die probleem op te los deur tot 'n konklusie te kom dat daar 'n uitwendige verbond of kerk moet bestaan, moet mens onthou dat daar tot en met die wederkoms huigelaars in hierdie gemeenskap sal wees, wat nooit waarlik deel van hierdie gemeenskap is nie.

## 3. Slot.


As ek nou ten slotte God se verbondshandeling met die uitverkorene probeer saamvat wil ek dit doen aan die hand van die volgende diagram:[48]

Om mee af te sluit wil ek dan graag aanhaal wat Dr. W van 't Spijker sê oor hoe die prediking deur hierdie Verbonsbeskouing van Abrakel beinvloed word. Veral gesien teen die agtergrond daarvan dat Abrakel baie klem lê op die opwekking van die individu om te glo en oor te gaan in die Genadeverbond.[49] Dr, van 't Spijker sê dan die volgende:[50]

> "Hoe staat het met de roeping van hen die onder het evangelie leven? Roept God alleen die onder de bediening van het evangelie zijn en die niet zalig worden, of roept God alleen de uitverkorenen? Het antwoord op deze vraag raakt onmiddeliik de zin van de prediking van het evangelie. Voor wie is dit bestemd? Het antwoord van Abrakel luidt: 'God roept allen en een ieder die onder het evangelie leven. Men dient dit wel op te merken, opdat men vrijmoedigheid zal hebben om Christus aan te nemen. Men zou dit niet doen als het evangelie niet

[47] Abrakel, 1893: 561-562.
[48] Sien diagram op bl 38.
[49] Sien punt 10 bl 21 en punt 11 bl 22.
[50] De Toeëigening van het heil, Dr. W. Van 't Spijker, bl 81-82.

werd aangeboden. Ook dient men de rechtvaardigheid van God te erkennen wanneer Hij degenen straft die op zo grote zaligheid geen acht hebben geslagen an aan het evangelie ongehoorzaam zijn.'.....Maar is deze roeping wel bedoeld om de onbekeerden te trekken? Beoogt God met het roepen van de zondaar tot Christus de zaligheid van allen en roept hij met dat doel allen onder de bediening van het evangelie zijn, opdat zij de zaligheid deelachtig zouden worden?.....Op deze vraag antwoord Abrakel met een duidelijk 'neen.' Als dit werklijk Gods bedoeling zou zijn, dan zouden alle geroepenen ook werklijk zalig moeten worden. De roeping is een middel om de uitverkorenen te vergaderen. God roept allen die het evangelie horen tot de zaligheid. Het is zijn doel om de zaligheid te geven aan hen die waarlijk geloofen. Maar dit geloof is een genadegift van Hem zelf, gewerkt door de Heilige Geest. Maar weet men dan wel, dat God het werklijk meent? Wanneer God niet waarlijk de zaligheid beoogt van degenen die geroepen worden, dan kan immers niemand zeker weten of God hem wel bedoelt. 'Men heeft aan Gods Woord genoeg. Dat is de Waarheid. Men mag zich vrijuit aan dit Woord toevertrouwen en men zal niet bedrogen worden. Dit Woord belooft zaligheid aan alle gelovigen, aan allen die Christus aannemen tot rechtvaardigmaking en heiligmaking. Dit uitspraak is voor allen. Een ieder moet de uitspraak geloven en op zichzelf toepassen en zeggen: indien ik waarlijk geloof en mij bekeer, zal ik zalig worden.' Op deze wijze heeft Abrakel de zekerheid van de belofte trachten vast te houden, terwijl hij tegelijk rekening hield met het feit dat deze belofte slechts gerealiseerd zou worden bij hen door God daartoe van eeuwigheid bestemt zijn. Abrakel bleef daarmee in het spoor van de uitspraken van de Dordtse synode, die immers ook inzet bij de prediking van het evangelie, maar dan achteraf verklaart dat het geloof in de belofte een gave van de Geest is, die uit verkiezende genade wordt geschonken."


Die Verlossingsverbond wat bestaan uit twee partye
Die Vader
Die Vader stel die voorwaardes waaraan voldoen moet word.
Die Vader gee die beloftes wat verkry word as daar aan die voorwaardes voldoen word.
Die Vader gee die versekering dat die beloftes verkry sal word as die voorwaardes nagekom is.
Die Verlossingsverbond maak die Genadeverbond moontlik.
Die Seun
Die Seun neem die voorwaardes aan
Die Seun voor die voorwaardes uit.
Die Seun verkry die beloftes, wat dan behels dat die uitverkorenes verlos word.
Die Genadeverbond wat bestaan uit twee partye
Verbondshandeling tussen God en die uitvrekorenes is moontlik, omdat Christus die Middelaar van die Genadeverbond is.
God
God rig die genadeverbond met die uitverkorenes op.
God bied die, deur Christus verwerfde, beloftes van die Genadeverbond in die verkondiging van die Evangelie aan.
God verseël die beloftes, wat die uitverkorenes se deel word in die Genadeverbond, deur die sakramente.
Hierdie Verbondshandeling van God met die Uitverkorenes begin by Adam en Eva en duur regdeur die geskiedenis voort.
Die Uitverkorenes
Die Uitverkorenes hoor die verkondiging van die Evangelie, hulle stem daarmee in - hulle glo dit dus - en tree dan toe in die Genadeverbond.
Die Uitverkorenes word die beloftes van die Genadeverbond deelagtig.
Die beloftes van die Genadeverbond, wat nou die uitverkorenes se deel geword het, word deur God verseël met die sakramente.